# die Boodskapper

Amptelike blad van die Afrikaanse Protestantse Kerk

No. 369 • Maart 2024



*Ons verkondig Christus wat gekruisig is ... Christus, die krag van God en die wysheid van God* – 1 Kor. 1:23-24

Maart 2024 | No. 369

# INHOUD

**DIE BOODSKAPPER** • By die poskantoor as nuusblad geregistreer

## Uitbranding


**REDAKSIONEEL**

**Ds. Schalk Strauss**
Goeie brandpaaie eerder as effektiewe toerusting ................................ 1

**AMPTELIK** .................................................................................. 3

**ONTVANG DIE WOORD**

**Ds. Markus Mattheus**
Om onskuldig die sielestryd van 'n ter dood veroordeelde te ervaar ........................................................................................ 4

**HOOFARTIKEL**

**Uitbranding**
Susan Grobler ........................................................................... 6

**ARTIKELS**

**Ons gesels met ...**
Ds. Herman Erasmus ................................................................ 10

**Ds. Willem van Schalkwyk**
Langverlof: Wat doen die Kuratorium? ............................................ 12

**Ds. Danilo Stoltz**
Herlaai jou battery ...................................................................... 14

**Ds. Francois de Bruin**
Die effek en hantering van sosiale bedreigings .................................. 16

**Ds. Wickus Malan**
Die prisma van geloof ................................................................. 18

**Ds. Riaan Pretorius**
Die kerkraad en langverlof ........................................................... 20

**AKTUEEL**

Bybelwoordblok .......................................................................... 24
Brief: Die teerpad van die duiwel .................................................. 13
Smeltoond: Suid-Afrika skuldig aan "bloedlaster" ........................... 22
Gemeentenuus ........................................................................... 23
Antwoorde: Bybelwoordblok (Februarie 2024, bl. 9) .......................... 26

**IN DIE SPORE VAN GISTER MET PIETER & PIETER**

**Dr. Pieter Mulder**
Burgersdorp se Nederlandse taalmonument ...................................... 30

**VAN KARSTOELTJIE TOT BESTUURDER**

**Pieta Oosthuizen**
"Vat vir jou 'n slukkie" ................................................................ 31


**VOORBLAD:**
**'n Visuele voorstelling van die neerdrukkende effek van uitbranding.**


**REDAKSIE**

**Eindredakteur**
Ds. HSW Strauss

**Subredakteur**
Mev. C Möller

**Redaksielede**
Di. RK Combrink, HJ Dafel, A Hough

**Redaksiesekretaresse**
Mev. M Langeveldt
publikasies@liginduisternis.co.za

**Advertensies**
Mev. M van Schalkwyk
boodskapper@apk.co.za

*Die Redaksie vereenselwig hom nie noodwendig met alle uitsprake of menings hierin opgeneem nie.*

**BELANGRIKE TELEFOONNOMMERS EN ADRESSE**

**Gemeenskaplike Kerkkantoor**
Kerkkantoor en Boekwinkel
**Tel.:** 012 362 1390
**Faks:** 012 362 2023
**Posbus** 25139
Monumentpark, 0105
Makoustraat 516, Monumentpark x2
**e-pos:** info@apk.co.za
**Webblad:** www.apk.co.za

**Die Afrikaanse Protestantse Akademie**
Administrasie
**Tel.:** 012 344 3960/1/2
**Faks:** 012 344 5480
**Posbus** 11488, Hatfield, 0028
Farendenstraat 430, Sunnyside
**e-pos:** info@apa.ac.za
**Webblad:** www.apa.ac.za

Gedruk en gebind deur:
BusinessPrint

**Bladuitleg:** Melaney Langeveldt

Uitgegee deur:
Lig in Duisternis UITGEWERS
www.liginduisternis.co.za



# Goeie brandpaaie eerder as effektiewe toerusting

**Ds. Schalk Strauss**

Veldbrande is nie 'n vreemde verskynsel in Suid-Afrika nie. So 'n brand het die potensiaal om geweldige skade aan te rig. Daarom is amper elke plaas met 'n vuurspuit toegerus waarmee brande bestry kan word. Boere met ervaring in brandbestryding sal egter vinnig vir jou sê dat dit baie belangriker is om goeie brandpaaie te hê, as wat dit is om die beste brandbestrydingstoerusting te besit. Brandpaaie is 'n baan of strook waar 'n voorbrand gemaak is, óf waar die grond met iets soos 'n skotteleg losgemaak of selfs met 'n skraper skoongeskraap is. Die doel van 'n brandpad is om 'n vuur te smoor sodat dit nie verder versprei nie. Die materiaal wat kan brand, word verwyder sodat 'n veldbrand nie brandstof het om verder te versprei nie. Die ideaal met brandbestryding is dus om eerder proaktief as reaktief op te tree.

In hierdie uitgawe val die fokus op 'n andersoortige "veldbrand", bekend as uitbranding. In die hoofartikel definieer Susan Grobler uitbranding as "'n toestand van chroniese liggaamlike, emosionele en geestelike uitputting wat uit lang periodes van chroniese stres en oorwerktheid voortspruit". Dit is 'n komplekse onderwerp waaroor daar uiteenlopende standpunte is. Daar is sommige wat die werklikheid van hierdie soort "brand" heeltemal ontken. Dan is daar dié wat dit erken, maar wat reken dat effektiewe brandbestrydingstoerusting die antwoord is. Daar is egter ook 'n derde groep waarby hierdie artikel graag wil aansluit:

**Dié wat die gevaar en werklikheid van uitbranding erken en van oordeel is dat proaktiewe optrede, soos goeie brandpaaie (hoewel dit nie altyd 'n brand stuit nie), baie effektiewer as die beste brandbestrydingstoerusting is.**

Brandpaaie word in hierdie artikel as 'n metafoor vir goeie teologie gebruik. "Goeie teologie" het met gesonde, Skrifgetroue geloofsoortuigings te doen. Ons moet egter versigtig wees om dit tot blote akademiese of intellektuele kennis te reduseer. Ek beoefen immers nie goeie teologie net omdat my antwoorde met die Skrif ooreenkom nie, maar omdat my verstaan van die Skrif en my geloof in God 'n bepalende invloed op my optrede het. Wanneer ons dus saam dink oor 'n onderwerp soos uitbranding, is dit belangrik om die verband tussen uitbranding en iemand se teologie in ag te neem.

Die volgende teologiese aspekte het 'n direkte verband met uitbranding:

## Godsbeeld

Godsbeeld het te doen met wat ek oor God glo en hoe ek Hom sien. Is God bloot vir my 'n ver verwyderde mag of krag wat op 'n afstand toekyk hoe dinge in sy skepping afspeel? Of glo ek inderdaad dat Hy die Skepper én Onderhouer van alle dinge is? Dit kan wees dat ek sy soewereiniteit bely en in sy allesomvattende heerskappy glo, maar die dieperliggende vraag is: Hoe werklik is dit vir my? Is dit slegs 'n akademiese, lippetaalbelydenis, of is dit só werklik dat dit my optrede beïnvloed en bepaal?

Uitbrandingsfaktore soos konstante vrees, bekommernis en uitsigloosheid, staan in direkte verband met iemand se Godsbeeld. As jy God beskou as 'n ver verwyderde toeskouer wat nie werklik in ons lewens betrokke is nie, of as jou belydenis dat Hy soewerein en in beheer is, net "kopkennis" is, gaan jy uitgelewer voel aan dit wat jou vreesagtig en bekommerd maak. Jy gaan voel asof jy op jou eie is, alles self moet hanteer en alleen in beheer van jou eindbestemming is. 'n Verkeerde Godsbeeld lei tot die indruk dat my lot deur my pogings bepaal word. Dit lei tot 'n gebrekkige gebedslewe, want waarom sal ek my bekommernisse aan God oorgee as ek nie seker is dat Hy in beheer is nie? Dit lei tot ongehoorsaamheid, want waarom

sal ek luister as Hy sê dat ek een dag in die week moet rus as ek sy heerskappy oor my lewe nét met die mond bely, maar nie regtig met die hart glo nie?

## Mensbeeld

Die Skrif help ons om reg oor onsself te dink. Dit leer my dat ek 'n skepsel is en as sodanig in 'n bepaalde verhouding tot my Skepper staan. Dit leer my dat my waarde as mens nie deur eksterne faktore bepaal word nie, maar deur die feit dat ek na God se beeld geskape is. Dit leer my dat ek 'n sondaar is wie se verhouding met God deur die sonde vernietig is. Dit herinner my egter ook dat hierdie verhouding in Christus herstel is, sodat my waarde deur *sý* verdienste bepaal word en nie van my pogings afhanklik is nie.

Wanneer Satan ons egter, soos vir Adam en Eva, verlei om te glo dat ons soos God is, word hierdie mensbeeld skeefgetrek en raak uitbranding 'n wesenlike gevaar. Soos 'n god gaan jy jou waarde vind in dinge soos ander se aanvaarding of erkenning, jou prestasies, die sukses van jou bediening en die kwaliteit van jou verhoudings. Jy gaan sukkel om hierdie dinge as afgode te identifiseer en te bestry. Jy gaan eerder buig en twee here dien. Jy gaan tegnologie inspan om jou beter te laat lyk, terwyl sosiale media die tempel word waar ander hul offerandes in die vorm van "likes" en "shares" aan jou offer. Jy gaan jou verantwoordbaarheid op die agtergrond skuif en jou afhanklikheid vergeet.

## Skuldbelydenis

'n Skrifgegronde teologie van skuldvergifnis, lei tot vrymoedige skuldbelydenis. 1 Johannes 1:9 verklaar immers:

> *As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.*

Wie egter kies om sy sondes met hom saam te dra, het nog nie die volle omvang van die bevrydende evangelie van Jesus Christus toegeëien nie. In John Bunyan se *Pilgrim's Progress*, word die effek hiervan duidelik uitgebeeld deur die las wat die karakter, Christian, op sy skouers dra. Hoe verder hy op die pad gevorder het, hoe swaarder het dit geraak. Hierdie las op sy rug verteenwoordig nie noodwendig sy sonde nie, maar eerder die skande/sondesmet wat hy as gevolg daarvan ervaar en die onsekerheid wat sy sonde by hom veroorsaak het. Die vrag van verwyte en skande en onsekerheid raak uiteindelik soos lood in 'n mens se skoene, sodat jy nie kan wegkom wanneer die vlamme van uitbranding jou begin verswelg nie.

## Werke

Die wêreld waarin ons leef, is op meriete gebaseer. Niks in die lewe is verniet nie. As jy iets wil hê, moet jy dit verdien. Gelowiges sukkel dikwels om uit hierdie stelsel bevry te word. Die rede hiervoor is, soos die voorbeeld waarna prof. David Murray verwys,[1] omdat baie mense op papier Calviniste is (glo in genade sonder verdienste), maar heimlik Pelagiaans leef (asof hulle werke God se genade moet verdien). Wie God se genade met sy arbeid, sy toewyding, sy min slaap, sy baie besoeke, of sy ure lange beradingsessies wil koop, se vlammetjie sal uitbrand, want dit sal nooit genoeg wees nie.

Wie egter verstaan wat dit beteken om uit genade en sonder enige verdienste gered te word, se siening oor sy werke word geheilig. Sy arbeid word deur dankbare vlytigheid gekenmerk. Hy doen wat sy hand vind om te doen, maar wanneer die son sak, kan hy met gemoedskalmte sy oë sluit, want môre is nog 'n dag.

## Gemeenskap

In 1 Korinthiërs 12:21 herinner Paulus ons:

> *En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie; of ook die hoof vir die voete: Ek het julle nie nodig nie.*

Goeie teologie is nie "lone ranger"-teologie nie. Ons het ander mense nodig. Hierdie belydenis word egter weerspreek wanneer gelowiges dink die sukses van 'n saak is net van húlle arbeid en insette afhanklik. Hulle beskou hulself as onvervangbaar. "As ek dit nie doen nie, wie gaan dit doen?" is 'n vraag wat dikwels oor hul lippe kom. Die hiperindividualistiese samelewing waarin ons onsself bevind, is natuurlik vet op die vuur van hierdie valse teologie.

Uit die genoemde voorbeelde is die verband tussen teologie en uitbranding duidelik. Om hierdie brand effektief te bestry, vereis nie noodwendig die beste toerusting nie, maar eerder effektiewe brandpaaie. Die brandpaaie van goeie en gesonde teologie, is baie meer effektief om die brande wat in die siel woed, te smoor en te keer voordat alles uitbrand.

---

1. https://bit.ly/49xVKPD

## LERAARS

### Beroepe ontvang

- Ds. Joubert Ferreira (Hoedspruit) na Groblersdal.
- Ds. Ryno van As (Petrus Steyn) na Bothaville.
- Ds. Herman Erasmus (Vaalwater) na Frankfort.
- Ds. Chris Denysschen (emeritus) na Benoni.

## PROPONENT BEROEPBAAR



Die Kuratorium het mnr. Dawid Nel op 3 September 2023 weer as proponent gelegitimeer. Hy is beroepbaar tot 9 Maart 2024. Dawid is die eerste gehoor- en siggestremde persoon wat binne die AP Kerk gelegitimeer is.

## SKOOLKWARTALE 2024

Eerste kwartaal: 17 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 3 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 9 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 1 Oktober – 11 Desember

## CVO-SKOOLKWARTALE 2024

Eerste kwartaal: 17 Januarie – 20 Maart
Tweede kwartaal: 2 April – 14 Junie
Derde kwartaal: 8 Julie – 20 September
Vierde kwartaal: 30 September – 11 Desember

## *DIE BOODSKAPPER*

### Beplande verskyningsdatums 2024

| Maand | Kopie in by Redakteur | Verskyningsdatum |
|---|---|---|
| **April 2024** | 15 Februarie | 25 Maart |
| **Mei 2024** | 6 Maart | 25 April |
| **Junie 2024** | 16 April | 27 Mei |
| **Julie/Augustus 2024** | 16 Mei | 25 Junie |
| **September 2024** | 11 Julie | 26 Augustus |
| **Oktober 2024** | 13 Augustus | 26 September |
| **November 2024** | 12 September | 24 Oktober |
| **Des 2024/Jan 2025** | 11 Oktober | 26 November |

### Inskrywing 2024 – Elektronies

Om elektronies op *Die Boodskapper* in te teken, stuur 'n e-pos na boodskapper@apk.co.za en ontvang die nuutste uitgawe interaktief en in volkleur teen R170 per jaar. Lees vorige uitgawes van *Die Boodskapper* aanlyn by: www.apk.co.za/tydskrifte/

## Advertensietariewe 2024

| Grootte | mm (hoogte x breedte) | Prys (swart & wit) | Volkleur |
|---|---|---|---|
| **1/16 blad** | 40 x 90 mm | R220 | *Nie beskikbaar* |
| **1/8 blad** | 65 x 90 mm | R590 | *Nie beskikbaar* |
| **1/4 blad** | 124 x 90 mm | R1 250 | R2 700 *(binne-agterblad)* |
| **1/2 blad** | 124 x 180 mm | R2 150 | *Nie beskikbaar* |
| **Volblad** | 246 x 180 mm | R3 450 | *Nie beskikbaar* |
| **Binne-agter – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 350 |
| **Binne-agter – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R6 450 |
| **Agterblad – 1/2** *(indien beskikbaar)* | 148 x 200 mm | Volkleur | R4 700 |
| **Agterblad – vol** *(indien beskikbaar)* | 297 x 210 mm | Volkleur | R7 800 |

*50% afslag indien AP kerksake geadverteer word.*

**Bankinbetalingsbesonderhede:**
Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068
Elektroniese takkode: 632 005
*Gebruik die DB-nommer wat aan u toegeken word as betalingsverwysing. Sodra ons u advertensie ontvang, stuur ons vir u die DB-nommer.*

## FEES- EN OPENBARE VAKANSIEDAE* 2024

| | |
|---|---|
| 1 Januarie | Nuwejaarsdag |
| 21 Maart* | Openbare vakansiedag |
| 29 Maart* | Goeie Vrydag |
| 1 April* | Gesinsdag |
| 6 April | Van Riebeeckdag |
| 27 April* | Openbare vakansiedag |
| 1 Mei* | Openbare vakansiedag |
| 9 Mei | Hemelvaart |
| 19 Mei | Pinksterfees |
| 31 Mei | Republiekdag |
| 16 Junie* | Konsentrasiekampdag |
| 17 Junie* | Openbare vakansiedag |
| 9 Augustus* | Openbare vakansiedag |
| 14 Augustus | GRA-dag |
| 24 September* | Openbare vakansiedag |
| 10 Oktober | Krugerdag |
| 27 Oktober | Hervormingsfees |
| 16 Desember* | Geloftedag |
| 25 Desember* | Christusfees |
| 26 Desember* | Openbare vakansiedag |



# Om onskuldig die sielestryd van ’n ter dood veroordeelde te ervaar

**Ds. Markus Mattheus**[1]

**Skriflesing:** Mt. 26:36-46 • **Sing:** Ges. 192:1-2

## Spanning in Jesus se gemoed

Ons kan dié Skrifgedeelte nie in isolasie lees nie. Die voorafgaande gebeure help ons om Christus se verskriklike stryd in die tuin van Getsémané ten volle te begryp.

Op die eerste dag van die fees van ongesuurde brode, die dag voor Jesus se kruisiging, stuur Hy sy dissipels om ’n plek voor te berei waar hulle die aand die pasga kan vier. Ons lees hoe die owerpriesters, skrifgeleerdes en ouderlinge saamkom en beplan om Hom dood te maak. Dan volg die gebeure waar die vrou met die albaste fles Hom salf. Daarna gaan Judas Iskáriot na die owerpriesters om Hom te verraai. Let op hoe die spanning in die aanloop tot die laaste pasga reeds in Jesus se gemoed opbou. Hy weet presies wat gaan gebeur. Hy maak ook nie ’n geheim daarvan dat Hy op pad is na ’n gruwelike kruisdood vol lyding nie. Hy deel dit aan sy dissipels mee, maar sy dissipels verstaan nie en daarom hóór hulle nie.

Dan volg die laaste pasga. Dit het ’n groot bydrae tot Jesus se lyding en sielestryd gelewer. Vir al die ander Jode wat rondom hulle in die stad bymekaargekom het, was dit ’n vreugdefees. ’n Fees van herinnering aan God se redding uit Egipte, toe die volk ’n lam sonder gebrek moes slag en die bloed daarvan teen hul deurkosyne moes smeer om die doodsengel vry te spring (vgl. Ex. 12:1-28). Op dieselfde nag moes die lam saam met ongesuurde brode en bitter kruie geëet word. Verder moes Israel vir sewe dae daarna elke dag ongesuurde brode eet. Deur die bloed van die pasgalam het die eersgeborenes van Israel behoue gebly.

> **Die Here het beveel dat die volk die pasga elke jaar ter herinnering aan hul redding uit die Egiptiese slawerny moes vier.**

Die laaste pasga van ons Here Jesus op aarde kon egter vir Hom geen vreugdefees wees nie. Hy trek die lyne van die Ou Testamentiese pasga deur na Homself. Hy spel die eintlike bedoeling daarvan uit. Jesus neem die brood, breek dit en sê: *Neem, eet, dit is my liggaam* (Mk. 14:22). Hy neem die beker, gee dit aan hulle en sê: *Dit is my bloed, die bloed van die Nuwe Testament* [Nuwe Verbond], *wat vir baie uitgestort word* (Mk. 14:24).

> **Hy is die eintlike Lam wat waarlik redding bring. Hy is die een wat geslag moet word, wie se bloed moet vloei. Sy bloed bring redding vir elkeen wat glo. Sy bloed wend God se toorn oor ons sonde af sodat God by ons “verbygaan” wanneer Hy straf.**

Wat was in Jesus se gemoed toe Hy daardie eerste nagmaal ingestel het? Want met die woorde van die nagmaal spreek Hy sy eie onafwendbare dood uit. In hierdie stryd staan die Here Jesus alleen. Die dissipels is almal teenwoordig. Jesus sê prontuit vir hulle dat Hy ter wille van ons sondes moet ly, maar hulle verstaan dit nie. Wat Hy sê, het nie by hulle ingesink nie. Christus weet dit. Daarom sê Hy vir sy dissipels dat hulle almal in daardie nag aanstoot aan Hom sal neem. By hierdie nagmaalstafel is Jesus dus alreeds alleen in sy stryd. Hy is die enigste Een van

almal teenwoordig wat werklik verstaan het wat op Hom wag.

Ná ete vertrek Jesus en sy dissipels na Getsémané. Hy laat sy dissipels by die ingang van die tuin wag en neem vir Petrus, Jakobus en Johannes saam. Dit is dieselfde drie wat saam met Hom op die berg tydens sy verheerliking was. Hierdie drie dissipels was dus baie naby aan Hom. Amper soos drie getroue en goeie vriende. Hy sê vir hulle: *My siel is diep bedroef tot die dood toe* (v. 38). Hy is tot sterwens toe benoud oor dit wat Hy weet moet gebeur. Hy het besef watter lyding Hom te beurt gaan val. *Bly hier en waak saam met my* (v. 38). Dit is die minste wat 'n mens van goeie vriende kan verwag. Dit is die minste wat getroue volgelinge vir hul Meester kan doen.

Maar wat doen hierdie drie getroue dissipels van die Here? Hulle raak aan die slaap. Hulle kan nie eers vir 'n kort tydjie saam met Hom waak en bid in sy uur van nood nie. Die dissipels is daar, maar hulle staan Hom nie by wanneer Hy hulle na sy mensheid nodig het nie. Hulle verstaan nie. Jesus se dissipels is by Hom, maar Hy is in werklikheid alleen in sy sielestryd.

## Christus se lyding

Dan bid die Here Jesus tot sy Vader wat in die hemel is:

> ***... alle dinge is vir U moontlik; neem hierdie beker van My weg* (Mk. 14:36).**

Besef ons watter stryd dit vir Hom moes gewees het? Besef ons hoe dit moet voel om ter dood veroordeel te wees? Stel jouself voor dat jy veroordeel word vir 'n moord wat jy nie gepleeg het nie. Vandag is die dag waarop daardie straf voltrek gaan word. Jy weet, om twaalfuur vanmiddag is jou tyd hier op aarde verby.

Die Here Jesus se lyding was egter oneindig groter as wat ons dit ooit kan indink. Die toorn van God oor die ganse menslike geslag se sondes het op Jesus Christus se skouers kom rus. Die grootste deel van die straf wat Jesus namens ons moes betaal, was juis die feit dat die Vader Hom aan die kruishout sou verlaat. Hy moes alleen die dood in en Hy het dit geweet. Die intensiteit van sy lyding bou dus op. Van die tuin van Getsémané, waar Hy eintlik alreeds deur sy dissipels verlaat is (omdat hulle nie verstaan en besef het wat besig was om te gebeur nie, want hulle was na hul mensheid swak en sondig) totdat Hy uiteindelik ook deur die Vader verlaat sou word. Alleen sou Hy die dood binnegaan. Dit is die prys wat die Seun van God moes betaal sodat jy en ek nooit deur God verlaat sal word nie.

> ***Nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil* (v. 39). So anders as wat sondaarmense optree, berus Christus Hom geheel en al by die wil van sy hemelse Vader.**

Sy Vader vra Hom om sy lewe vir sondaars af te lê. Sy Vader vra Hom om deur sy skepsels verneder en bespot te word. Tog kom Hy nie in opstand daarteen nie.

Is ons probleem nie ook maar dikwels dat ons, net soos die dissipels, nie altyd alles mooi verstaan nie? Ons hoor alles wat die Bybel oor die kruisiging en opstanding leer, maar begryp ons werklik die betekenis daarvan? Het die prys wat Christus moes betaal en die betekenis van die nagmaalsviering op Goeie Vrydag, werklik in ons harte ingesink? Leef ons vanuit die wete dat die groot straf wat ons moes betaal, deur Christus betaal is?

Jesus vind sy dissipels drie keer aan die slaap. Nogtans word Hy nie kwaad nie. Hy skel hulle nie uit of verloor sy humeur nie. Hy het immers gekom om sy dissipels te verlos. Hy het gekom om elkeen van ons te verlos van hierdie sondelas wat ons aankleef. Hy het gekom omdat jy en ek ook saam met die dissipels aan die slaap sou raak. Hy het hierdie lydenspad gestap omdat jy en ek ook soos Petrus sou sê: *Ek ken Hom nie* (Lk. 22:57).

> ***Waak en bid, dat julle nie in versoeking kom nie. Die Gees is wel gewillig, maar die vlees is swak* (v. 41).**

Christus was selfs in sy diepste lydenstryd die onselfsugtige, die Een wat aan die lyding van ander gedink het. Hy weet deur watter stryd sy dissipels ná sy dood sou gaan. Hy weet dat hulle Hom gaan verloën en verlaat. Hy weet dat hulle nie gaan glo wanneer hulle hoor dat Hy uit die dood opgestaan het nie. Hy is die Een wat vir elkeen van ons sê: "Slaap maar voort en rus ... die uur het gekom." Asof Hy sê: Moenie bekommerd wees nie; Ek weet julle kan nie. Ek neem jul las op My.

1. Leraar van die AP Kerk Naboomspruit.



# Uitbranding

**Susan Grobler** [1]

**Teen die versnellende tempo waarin ons vandag leef, is ons professionele en persoonlike verantwoordelikhede dikwels verweef en het die term "uitbranding" 'n algemene verskynsel geword. Uitbranding is nie net die gevoel van spanning en uitputting nie; dit is 'n deurdringende gevoel van geestelike uitputting wat 'n persoon se professionele en persoonlike welsyn beïnvloed.**

## Definisie

Uitbranding is 'n toestand van chroniese liggaamlike, emosionele en geestelike uitputting wat uit lang periodes van chroniese stres en oorwerktheid voortspruit. Dit gaan dikwels met moegheid, gevoelloosheid/apatie en dissosiasie van werk of persoonlike verpligtinge gepaard. Dit word ook deur verminderde prestasie en produktiwiteit en 'n gevoel van hopeloosheid gekenmerk. Dit beïnvloed die persoon se beroepslewe en algehele welstand en het 'n beduidende impak op sy liggaamlike en geestelike gesondheid.

## Identifisering

Een van die sleutelaanwysers vir uitbranding is **emosionele uitputting**. Iemand wat uitbranding ervaar, voel dikwels emosioneel gedreineerd en vind dit uitdagend om die eise van die daaglikse lewe te hanteer. Hierdie emosionele moegheid kan op verskillende maniere manifesteer – van 'n aanhoudende gevoel van moegheid tot 'n onvermoë om op emosionele vlak met ander te kommunikeer.

'n Volgende aanwyser is 'n **traak-my-nie-agtige**, apatiese houding teenoor werk of persoonlike verantwoordelikhede. Die persoon kan take of mense as blote voorwerpe begin beskou en verloor die sin van betekenis wat hom voorheen gemotiveer het. Dit lei tot 'n afname in werkskwalitiet, verhoogde stres in verhoudings en soms tot 'n algemene gevoel van onverskilligheid.

Die **gebrek aan betekenis** in dít wat die persoon moet doen, lei tot 'n verminderde gevoel van prestasie. Die waarde van die werk of die impak van sy bydrae, word dan bevraagteken. Iemand wat aan uitbranding lei, kan, ten spyte van goeie prestasie, sukkel om bevrediging of 'n gevoel van vervulling daaruit te put.

| Emosionele simptome | Liggaamlike simptome | Kognitiewe simptome |
|---|---|---|
| • Prikkelbaarheid<br>• Angs/bekommernis<br>• Verhoogde huwelikskonflik<br>• Sosiale en/of emosionele onttrekking<br>• Gevoelloosheid/ apatie<br>• Gegriefdheid<br>• Hulpeloosheid<br>• Emosionele kwesbaarheid | • Hoë bloeddruk<br>• Tandegekners tydens slaap<br>• Slapeloosheid<br>• Verswakte immuunstelsel<br>• Verlies aan eetlus of emosionele eet<br>• Hoofpyn en spierspanning<br>• Verminderde libido<br>• Oggendmoegheid<br>• Maag- en dermprobleme | • Verswakte konsentrasie<br>• Vergeetagtigheid<br>• Verminderde kreatiwiteit<br>• Perfeksionisme<br>• Negatiewe selfgesprekke<br>• Uitstel |

## Oorsake

### *Beroepsverwante faktore*

- *Hoë werkslading:* In 'n omgewing waar konstante produktiwiteit vereis word, word mense dikwels oorweldig deur take, sperdatums en verwagtinge. Die toenemende druk om aan hierdie eise te voldoen, kan tot geestelike uitputting en 'n afname in doelgerigtheid en betekenis in die werksomgewing lei.
- *Gebrek aan beheer:* Gebrek aan beheer in 'n persoon se werksomgewing, kan tot 'n gevoel van hulpeloosheid lei.
- *Gebrek aan ondersteuning:* Waar daar gebrek aan ondersteuning is, hetsy in terme van hulpbronne, erkenning of begrip, kan die persoon geïsoleer en onderwaardeer voel.

### *Persoonlike faktore*

- *Onvoldoende selfversorging:* As Christene verstaan ons die oproep om onsself te verloën dikwels verkeerd en meen dit beteken om in ontkenning van ons menswees te leef. Om God heelhartig te kan dien, moet ons ons fisieke behoeftes (stiltetyd, rus, eet, slaap, oefen) ignoreer, anders is ons skuldig aan selfsug. In die Bybel lees ons hoe Christus hierin vir ons die voorbeeld gestel het (vgl. Mt. 14:20; Mk. 1:35; Lk. 5:16).
- *Misplaaste prioriteite, identiteit en persoonlike waardes:* Die mens se geneigdheid om te fokus op persoonlike behoeftes, begeertes en dinge wat ons glo ons gelukkig sal maak, lei daartoe dat ons uit balans leef en slegs fokus op enkele van die prioriteite wat ons glo vir die Here belangrik is. God het verskeie prioriteite vir die mens gestel en Hy verwag dat al die prioriteite (geestelike groei, huweliks- en gesinstoewyding, selfversorging, gemeenskaps- en werksbetrokkendheid) aangespreek word; die een nie ten koste van die ander nie. Hierdie misplasing gebeur gewoonlik wanneer daar nie 'n gesonde identiteit in Christus is nie en die hartswonde wat nog nie genees het nie, die persoon se identiteit en eiewaarde negatief beïnvloed.
- *Gebrek aan grense:* Grense is hoe ons "ja" en "nee" gebruik om ons lewens te bestuur. Die meeste mense weet nie wanneer om ja te sê, of hoe om nee te sê nie. Mense is bang om ander teleur te stel of te ontstel en sê dan ja, terwyl die antwoord nee moes wees. Dit lei tot wrewel en weersin en verlaag die betekenis en selfwaarde wat die persoon in die uitvoering van die taak ervaar. Dit veroorsaak addisionele druk om alles gedoen te kry.
- *Perfeksionisme:* Persone wat deur 'n onbereikbare standaard gedryf word, kan vasgevang word in 'n siklus van selfkritiek. Dit lei tot verhoogde stresvlakke en 'n verminderde sin van betekenis, terwyl hulle sukkel om aan onrealistiese verwagtinge te voldoen.

## Die rol van tegnologie

Tegnologiese vooruitgang veroorsaak konstante konnektiwiteit. Die oormaat inligting wat beskikbaar is, kan oorweldigend wees en tot kognitiewe oorlading lei, wat die vermoë om te fokus belemmer en tot geestelike moegheid bydra. Konstante konnektiwiteit is besig om sy tol te eis. Dit maak onmiddellike kommunikasie en toegang tot inligting moontlik, wat die verwagting skep om te alle tye beskikbaar te wees. Die onvermoë om te ontkoppel en te herlaai, kan tot konstante stres lei wat die skeiding tussen professionele en persoonlike identiteit vervaag en tot 'n gevoel van doelloosheid bydra.

## Uitbranding in verskillende beroepe

### *Gesondheidswerkers*

Die gesondheidsektor is veral geneig tot uitbranding weens die lang ure, emosionele stres en die druk om optimale sorg te bied.

### *Korporatiewe instellings*

Die strewe na sukses, lang werksure, 'n fokus uitsluitlik op finansiële sukses en 'n mededingende kultuur kan daartoe lei dat individue die belangrikheid van hul bydraes en die algehele doel van hul werk bevraagteken, wat uitbranding kan veroorsaak.

### *Bediening*

Predikante en godsdienstige leiersfigure staar unieke uitdagings in die gesig. Die emosionele en geestelike eise om ondersteuning en berading aan ander te bied, kan vir predikante oorweldigend word. Om die geestelike behoeftes van 'n gemeenskap te balanseer, terwyl jy self persoonlike uitdagings navigeer, kan tot uitbranding bydra.

## Hantering van bedieningsuitbranding

In ons strewe om die kwessie van uitbranding binne die bediening te verstaan en te bestry, is dit

1. Uitvoerende afrigter, leierskap konsultant en lidmaat van AP Kerk Grootfontein (Tvl.).

nodig om lig te werp op die unieke uitdagings wat diegene in pastorale rolle in die gesig staar.

Aan die hand van 'n opname onder predikante in die AP Kerk wat die bediening verlaat het, het 48% aangedui dat hulle 'n gebrek aan betekenis, ondersteuning en/of stres en konflik ervaar het, wat tot uitbranding aanleiding gegee het.

Buiten individuele pogings om uitbranding te voorkom, moet daar 'n kollektiewe bewustheid in die kerkverband wees oor die uitdagings wat predikante in die gesig staar. Wanneer sodanige uitdagings/struikelblokke verstaan word, stel dit die kerkverband in staat om 'n aktiewe rol te speel in die bevordering van 'n omgewing wat die welstand van haar predikante bevorder.

Met die erkenning van die belangrikheid van volhoubare kerkleierskap, vestig ons die aandag op insigte wat die kenner, Paul Tripp, in 'n onderhoud met die titel, "What Causes Ministry Burnout" gedeel het.[2] Volgens hom is die vernaamste bydraende faktore van uitbranding in predikante die volgende: kerk, bediening en tyd.

### *Kerk*

Die kerk is nie 'n geestelike instelling wat aantreklik moet wees om verbruikers te lok nie. Wanneer mense die kerk sien as 'n diensteverskaffer wat voorsiening maak vir almal se verwagtinge, word uitbranding onvermydelik. Die konstante druk om die gemeente te bou en lidmate te trek, kan lei tot 'n onvermoë om te rus én Sondag as 'n rusdag te onderhou.

### *Bediening*

Tripp daag die wanopvatting uit dat bediening primêr 'n individuele poging is, wat die relasionele aard daarvan heeltemal uit die oog verloor. Om al die behoeftes van die kerk op een persoon se skouers te plaas, is onrealisties en kan tot uitbranding lei. Bediening word as 'n gemeenskapsprojek uitgebeeld, wat die belangrikheid van samewerking en verhoudings-ondersteuning beklemtoon.

### *Tyd*

Tripp wys op die beperktheid/eindigheid van aardse tyd en beklemtoon die goeie indeling en balans wat daar moet wees tussen persoonlike tyd, gesins- en bedieningtyd. Met beperkte tyd moet enige groei in slegs een aspek van hierdie tydstoewysing ten koste van 'n ander, voorkom word. Baie predikante offer persoonlike tyd, stilte- en gesinstyd op as gevolg van onbereikbare eise wat die bediening stel.

## Praktiese implikasies en oplossings vir uitbranding in die bediening

- Predikante moet erken en kommunikeer wanneer verwagtinge wat aan hulle gestel word, onbereikbaar is, sonder om hul persoonlike- en gesinsverantwoordelikhede prys te gee.
- Predikante moet fokus op 'n Bybelse perspektief van die kerk as mense verbind deur onderlinge liefde en liefde tot God, eerder as 'n instelling wat voortdurend groter moet word.
- Predikante moet ondersteuning van hul kerkrade soek en, indien nodig, vra dat verwagtinge aangepas word sodat hulle hul geestelike lewens en gesinne kan prioritiseer.

'n Heroorweging van perspektiewe op die bediening, die siening oor kerkwees en persoonlike vermoëns, is nodig om uitbranding te voorkom.

## Praktiese riglyne om uitbranding te voorkom

*Gereelde stiltetyd:* Stiltetyd, wat op die bestudering van die Bybel en persoonlike gebed fokus, is van die kragtigste maniere om stres te hanteer. Oomblikke van nadenke oor die Woord en 'n dankbare evaluering van jou lewe, help om stil te wees en te weet dat God in alle aspekte van jou lewe teenwoordig is. Wanneer jou geloof deel van jou alledaagse lewe is, dien dit as kompas wat jou aanspoor tot aktiwiteite wat met jou kernwaardes en oortuigings ooreenstem. Dit bevorder nie net 'n gevoel van doel en betekenis nie, maar bied ook 'n geestelike anker in tye van professionele of persoonlike onstuimigheid.

*Persoonlike selfversorging:* Niemand sal 'n belangrike reis met 'n voertuig sonder brandstof aanpak nie. Tog verwag ons van ons liggame om optimaal te funksioneer sonder die brandstof wat dit nodig het. Dit is belangrik om genoeg gesonde voeding in te kry, gereeld te slaap en ten minste vier keer per week vir 30 minute te oefen. 'n Algemene maatstaf is dat jy teen 'n vinnige spoed kan stap of draf, maar steeds 'n gesprek met iemand kan voer terwyl jy dit doen. Die doel is nie om jou liggaam te ooreis nie, maar om jou suurstofopname te verbeter en jou liggaam die geleentheid te gee om op 'n natuurlike manier dopamien vry te stel, wat help om stres te verlig.

*Identifiseer die doel en betekenis van aktiwiteite:* Wanneer jy jou werk as 'n roeping beskou – 'n manier om ander te dien en 'n Goddelike doel te vervul, gee dit betekenis aan dit wat jy doen.

***En wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie* (Kol. 3:23).**

Hierdie perspektief beklemtoon dat selfs die mees alledaagse aktiwiteite bydra tot God se groter plan en dit verhoog die doel en betekenis wat jy in die uitvoering van jou dagtaak ervaar.

*Balans tussen werk en persoonlike lewe:* Die stel van gesonde grense tussen jou beroeps- en persoonlike lewe is 'n belangrike aspek in die voorkoming van uitbranding. As Christen is dit belangrik om Sondag as dag van rus en nadenke te eer. Dit is die ideale geleentheid om tyd met familie deur te bring en om aan aanbidding en persoonlike welstand aandag te gee. Wanneer tyd gebruik word vir geestelike nadenke, gebed en rus, sal jou liggaamlike, emosionele en geestelike behoeftes aangespreek word.

*Kultuur van ondersteuning:* In ondernemings wat volgens die Christelike beginsels van liefde en empatie bestuur word, sal 'n ondersteunende en deernisvolle werkskultuur geskep word. Dit sal oop kommunikasie aanmoedig, hulpbronne vir geestesgesondheidsondersteuning verskaf en die belangrikheid van balans tussen werk en lewe erken, wat 'n omgewing skep waar werknemers voel hulle word waardeer en ondersteun.

*Digitale detoks:* Dit is belangrik om intensioneel te wees met die onderbreking van tegnologie. Deur spesifieke tye te identifiseer om van tegnologie te ontkoppel, byvoorbeeld tydens etes, aande of naweke, gun jy jouself die geleentheid om geestelik en emosioneel te herlaai.

Deur geloof by die bekamping van uitbranding te betrek, word die belangrikheid om betekenis en doel in jou werk te vind, om ondersteunende gemeenskappe te bevorder en die welstand van ander te prioritiseer, beklemtoon.

Die Bybelse beginsels van liefde, deernis en sorgsaamheid gee die fondasie vir die bekamping van uitbranding. As Christene word ons opgeroep om mekaar lief te hê en mekaar se laste te dra. Wanneer ons hierdie opdrag gehoorsaam, kan individue en organisasies bydra tot 'n samelewing waar die welstand van elke persoon waardeer word en waar ons met empatie, begrip en proaktiewe ondersteuning uitbranding kan voorkom.

1. https://bit.ly/3OpR85M

## BESTEK VIR BYBELKENNISEKSAMEN 2024

| Graad | Ou Testament | Nuwe Testament | Handboek |
|---|---|---|---|
| **Graad 4** | Génesis 1-3; Exodus 1-3 | Matthéüs 1:18-25; 2-3; 4:1-11; Markus 4-5 | Les 1-9 |
| **Graad 5** | Deuteronómium 5-8; Esra 1, 4, 7 | Lukas 1-2; Johannes 5-7 | Les 1-9 |
| **Graad 6** | Josua 1-4; Rigters 6-7; 13-14 | Handelinge 1-3; Filippense 1-2; Filémon 1 | Les 1-9 |
| **Graad 7** | 1 Samuel 1-3; 2 Samuel 11-12 | Kolossense 1-4; Judas 1 | Les 1-9 |
| **Graad 8** | Ester 1-10 | Titus 1-3; Jakobus 1-3; 1 Petrus 1-2 | Les 1-9 |
| **Graad 9** | Daniël 1-3; Jesaja 6-11 | 2 Timótheüs 1-4 | Les 1-9 |
| **Graad 10** | Jona 1-4; Job 1-4 | Galásiërs 3-6; Hebreërs 1-4 | Les 1-9 |
| **Graad 11** | Maleági 1-4; Prediker 1-4 | Romeine 4-8; 1 Korinthiërs 15-16 | Les 1-9 |
| **Belydende lidmate** | 1 Konings 17-19; Exodus 16-19 | Openbaring1-4; Hebreërs 8-10 | NGB: Artikels 27-29 |


## Wil jy finansieel bydra tot Lig in Duisternis Uitgewers?

Ons kry baie navrae van mense wat graag 'n finansiële bydrae tot Lig in Duisternis Uitgewers se groei wil maak. Indien dit op jou hart lê, kan jy 'n betaling in die volgende bankrekening maak:

**Bankbesonderhede:** Rekeningnaam: APK • ABSA Tjekrekening: 214 014 3068 • Takkode: 632 005
***Verwysingsnommer: LIDU + selfoonnommer***

# Ds. Herman Erasmus

**U het in 2019 die bediening verlaat en na 'n ander lewenstaak oorgegaan. Wat het hierdie ingrypende besluit gemotiveer? Het u u roeping verloor?**

In die beginjare van my bediening was dit maklik om al die balle in die lug te hou. Ek kon 24 uur, 7 dae 'n week vir die gemeente én gemeenskap beskikbaar wees. Ek kon aan almal se verwagtinge voldoen. Ek kon die verskeidenheid van rolle speel wat van my verwag is: man vir my vrou, pa vir my kinders, leraar, prediker, berader, lasdraer, bestuurder, ensovoorts.

Soos die jare aangestap het, het die eise begin om my hulpbronne te oorskry en ek het tekens van uitbranding begin toon. Ek het my beskikbare bronne so uitgeput dat dit my eie welstand begin bedreig het. Ná 11 jaar in die bediening was ek uitgebrand en kon ek die eise van elke dag nie meer hanteer nie. Dit was nie 'n geval dat ek my roeping verloor het nie, maar eerder dat ek nie meer in staat was om dit voluit te vervul nie. Daarom het ek in 2019 besef dat ek daadwerklik sal moet optree. Nadat ek (met baie gebede en ondersteuning van my gesin, familie, gemeente en Ring van Suidkus) baie opsies oorweeg het, het ek besluit om losmaking te versoek en na 'n ander lewenstaak oor te gaan. Die gedagte was dat ek die tyd uit die bediening sal gebruik om genoegsaam te rus, myself beter toe te rus en oor my bedieningstyl te besin.

**Watter belewenis het u uiteindelike besluit voorafgegaan?**

Terugskouend was daar duidelike tekens van my agteruitgang. Ek het dit egter geïgnoreer omdat ek geglo het dat so iets nie met my kan gebeur nie. Dit was tydens 'n beradingsessie wat ek besef het dat daar groot fout is. My emosies was heeltemal onstabiel.

Alhoewel ek moeg was, kon ek toe al vir 'n geruime tyd nie meer goed slaap nie. Ek onthou van 'n keer toe ek vir drie nagte ná mekaar nie 'n oog kon toemaak nie. Ondanks die gebrek aan energie, het ek my eetlus verloor en daarom ook liggaamlik begin agteruitgaan. My emosionele energie was gedreineer en ek was te moeg om enige medelye te betoon. Soos iemand dit gestel het: Jy voel soos 'n muntmasjien. Iemand gooi 'n geldjie in, trek die slinger en verwag dan dat daar iets moet uitkom. Maar daar was niks meer om te gee nie. Ek was liggaamlik, emosioneel en geestelik gedreineer en totaal uitgeput, moedeloos, neerslagtig. Ek het begin om myself te onttrek.

Skuldgevoelens het opgehoop omdat ek nie meer fisies en emosioneel in staat was om enigiets te gee nie. Ek kon nie meer aan die standaard wat ék gestel het, voldoen nie. Dít wil ek nooit weer beleef nie!

**Die persepsie mag bestaan dat dit sagte, sensitiewe mense is wat uitbrand. U pas nie noodwendig daardie beskrywing nie en dit het baie mense dalk geskok toe u die bediening verlaat het. Is dit 'n sekere soort mens wat uitbrand of speel omgewingsfaktore 'n rol?**

Dit is 'n samespel van 'n paar faktore.

- *Werksomstandighede:* Sake soos werksoorlading, gebrekkige beloning en 'n tekort aan werksbevrediging.
- *Ongesonde lewenstyl:* 'n Gebrek aan slaap, gereelde oefening en ondersteunende verhoudings. Ongesonde eetgewoontes. Die afwesigheid van 'n gesonde balans tussen werk, stokperdjies, gesins- en sosiale lewe.
- *Mense:* Veeleisende persoonlikhede wat 'n totale aanspraak op jou lewe maak.
- *Persoonlikheidseienskappe:* Iemand wat 'n groot behoefte aan goedkeuring het, wat prestasiegedrewe is en wat probleme ondervind om sy emosies te beheer, mag dalk makliker die prooi van uitbranding word.

Al hierdie faktore kan 'n bydraende rol in uitbranding speel. Hoe meer daarvan teenwoordig is, des te groter die gevaar.



Die Erasmusgesin

### Is daar vroeë waarskuwings-tekens teen uitbranding?

Rooiligte sluit sake in soos: chroniese moegheid, verlies aan lewensvreugde, verhoogde ongeduld en geïrriteerdheid, slapeloosheid, vergeetagtigheid, swak konsentrasievermoë, eetversteurings, gevoel van hopeloosheid, moeilike besluitneming, onttrekking van mense, gevoel van verlamming om tot aksie oor te gaan, onvermoë om te doen wat jy vroeër kon doen, emosionele onstabiliteit, verwaarlosing van persoonlike stiltetyd.

Word daar nie aan hierdie waarskuwingstekens aandag gegee nie, gaan dit oor tot die volgende fase waar emosionele insinking intree en selfs selfmoordneigings ervaar word. Uiteindelik gaan dit oor tot die chroniese fase van uitbranding.

### U het in 2022 tot die bediening teruggekeer. Wat het hierdie pad behels?

My pad terug toon baie ooreenkomste met die herstelpad wat God met Elía geloop het ná sy liggaamlike, geestelike en emosionele ineenstorting en gevolglike uitbranding (vgl. 1 Kon. 19).

In die eerste plek het die Here my laat rus, maar my ook versorg. Ek het die voorreg gehad om, nadat ek die bediening verlaat het, nader aan familie te trek en by die familieboerdery betrokke te raak. Hier kon ek myself afsonder, rus en sodoende van die spanningsdruk ontlaai. Vir drie jaar kon ek "stil word" en tussen mense wees wat ek liefhet en waar ek veilig voel. Ek kon gereelde alleentyd met God, my vrou en my drie seuns deurbring. Met verloop van tyd het my lewenslus en -kragte al hoe meer na normaal teruggekeer.

Die Here het my ook versterk. As 'n mens met uitbranding worstel, is jy al hoe meer geneig tot wanhoop. In my "stil word" met God het die Heilige Gees my deur die Woord van God, oortuig dat daar hoop en oplossings is. Die klem is verskuif van myself en my hopelose situasie na die ewige God wat sê: ... *die wat op die Here wag, kry nuwe krag* ... (Jes. 40:31).

God het my ook toegerus. Seker die sterkste sleutel van my herstel was die moed om die bron van die probleem te identifiseer en te erken. Deur voortdurende gebed, die leiding van die Heilige Gees en hulp van kundiges, kon ek die bron wat innerlike druk veroorsaak, identifiseer en hanteer. Ek het nuwe meganismes aangeleer om eksterne druk beter te hanteer. Ek het met verloop van tyd begin om liggaamlik, emosioneel en geestelik na myself om te sien. Uiteindelik het ek so herstel dat God my in 2022 weer kon uitstuur vir die taak waarvoor Hy my geroep het. Ek is die Here ewig dankbaar vir sy genade.

### Het u raad vir ander mense in die voorkoming van uitbranding?

Ek dink deur onderstaande deel van jou lewe te maak, kan uitbranding tot 'n groot mate voorkom word:

- Maak tyd vir gereelde persoonlike Bybelstudie en gebed. 'n Gesonde en groeiende geestelike lewe help om emosioneel en geestelik skerp te bly.
- Sorg vir 'n gesonde balans tussen werk, stokperdjies, gesins- en sosiale lewe.
- Oefen gereeld. Dit is 'n teenmiddel vir spanning en uitbranding.
- Kry 'n mentor – iemand met wie jy eerlik kan wees; wat jou met raad, insig en wysheid kan bedien; wat jy kan nader om vir jou te bid.
- Stel gesonde grense. Beplan jou werk sorgvuldig en leer om "nee" te sê wanneer jou dagboek vol is.
- Wees realisties oor jou doelwitte en die verwagtinge wat jy vir jouself stel.
- Ontwikkel 'n gesonde lewenstyl en ken jouself.
- Fokus op die ware betekenis van die lewe.
- Hou jou prioriteite reg: God eerste, gesin tweede, werk derde.

1. Leraar van die AP Kerk Vaalwater/Waterberg.



# Langverlof: Wat doen die Kuratorium?

**Ds. Willem van Schalkwyk**[1]

Langverlof is nie iets nuut in ons kerkverband nie. Vanaf 1987 tot 2011 was dit deel van die kerkorde. In 2012 is dit geskrap aangesien daar misbruike was wat die gemeentes finansieel geraak het. In die tien jaar sedertdien, het die Kuratorium beleef hoedat uitbranding veroorsaak dat "goeie dominees" die bediening verlaat en ander met groot moeite en persoonlike uitmergeling in die bediening bly. Die Kuratorium het voor Sinode 2022 besef dat die skrapping van langverlof 'n bydraende faktor hiertoe was en die Sinode met 'n beskrywingspunt bedien waarin die 30 dae langverlof weer ingestel is.

Langverlof is nie vreemd aan die gereformeerde wêreld nie. Regoor die wêreld word aan leraars langverlof gegee om uitbranding te help teëwerk. In sekere gereformeerde kerke is dit so lank as ses maande. Die bedoeling hiervan is beslis nie dat die dominee meer vakansie kan hou nie, maar dat hy emosioneel kan uitrus en herlaai.

## Lidmate verstaan nie

Die meeste lidmate verstaan nie die emosionele druk waaronder 'n leraar leef nie. Die leraar dra byvoorbeeld die emosionele gewig van elke lidmaat se swaar en seer. Elke Sondag moet hy sê: So sê die Here. Die verantwoordelikheid wat hiermee gepaardgaan, bring werklik groot spanning.

Daar word vertel dat die wêreldbekende prediker, dr. Martin Lloyd-Jones (1899-1981), toe hy nog 'n mediese dokter was, gedink het dominees is 'n snaakse groep mense – hulle kom met die vreemdste siektes na hom toe. Toe hy egter self dominee word, het hy dieselfde siektes gekry. Hy skryf dit toe aan die spanning van die bediening. Selfs die groepskema van ons leraars se mediese fonds is duurder as vir gewone beroepe omdat leraars meer siek word. Hulle is 'n hoërisikogroep.

In die AP kerke worstel leraars ook met die saak van uitbranding. Die Kuratorium het 'n uitbrandingsvraelys deur ± 80% van ons voltydse leraars laat invul. Die resultaat was soos volg:

> **18% het geen simptome van uitbranding nie, 20% beleef 'n hoë mate van spanning, 18% is besig om simptome van uitbranding te ontwikkel, 28% is beslis in die proses van uitbranding (akute fase) en 15% is in 'n gevorderde stadium van uitbranding (op pad om ineen te stort).**

As 'n mens die verkeerslig-vergelyking gebruik, is 18% groen, 38% geel en 43% rooi. In die hoofartikel word van die redes bespreek wat tot hierdie kommerwekkende syfers aanleiding gee.

## Sinodale opdrag

Die bedoeling van langverlof is nie vakansie nie, maar om emosioneel te herlaai. Sinode 2022 het dit aan die Kuratorium opgedra om studiemateriaal voor te skryf wat vir hierdie doel gebruik kan word. Die Kuratorium het besluit op 'n kursus wat daarop fokus om die leraar te lei tot 'n beter verstaan van homself, asook die voorkoming en hantering van uitbranding. Die kursus sal een of twee keer per jaar aangebied word. Aangesien die leraar ses maande voor die tyd aan die kerkraad moet kennis gee dat hy beplan om langverlof te neem, behoort daar nie 'n rede te wees waarom 'n leraar nie die kursus kan bywoon nie – al is dit 'n paar maande voor die langverlof.

Die koste van die kursus asook die verblyf word deur 'n lidmaat in die kerkverband geborg. Die wonderlike is dat die leraar se vrou dié kursus saam met hom kan bywoon. Die Kuratoriumlede het reeds die kursus deurloop en getuig dat dit ook vir hul

huwelike sin en waarde gehad het. Die leraar (en sy gade) moet die kursus voor of tydens sy langverlof bywoon om seker te maak dat hy gedurende die verlof konstruktief fokus op die terreine wat sy energie tap.

**Tydens sy langverlof moet die leraar ook geestelik groei. Die Kuratorium gee 'n Bybelstudie en leeswerk om deur te werk. Die bedoeling hiervan is om deur die Woord van die Here insig in eie omstandighede te kry en om die sake wat tydens die kursus aan die lig gekom het, verder te hanteer.**

### Studente

Omdat die Kuratorium gemoeid is met die opleiding van teologiese studente, is daar alreeds 'n tyd gelede begin om hulle in hul persoonlike ontwikkeling te begelei. In die begeleiding word gepoog om hulle toe te rus om te groei in emosionele volwassenheid, leierskap, beplanning, kommunikasie, hulself te ken en te verstaan sodat die sake wat later uitbranding kan veroorsaak, voortydig aangespreek kan word.

Kerkrade en gemeentes moet asseblief hul leraars oppas. Maak seker dat hy sy jaarlikse verlof neem, gun hom sy langverlof sodat hy geestelik en emosioneel kan herlaai, want 'n leraar wie se emosionele tenk leeggetap is, het niks oor om aan die gemeente te gee nie. ☺

1. Leraar van die AP Kerk Heilbron en voorsitter van die Kuratorium.



# Die teerpad van die duiwel[1]

**Reynier Strydom skryf:**

**Liewe leser, ons almal ken teerpaaie. Maar ken u die teerpad van die duiwel? Weet u dat Satan en sy handlangers onvermoeid en ywerig besig is, dag en nag, om 'n splinternuwe teerpad hel toe te maak?**

Ons outydse sandpaaie deug nie meer vir ons moderne lewe nie. Ons wil 'n "Nasionale Pad" hê, 'n lekker, gladde teerpad waarop ons gemaklik en met spoed kan ry. Die duiwel weet ook beter as om sy pad na die verderf "uit die mode" te laat raak. Hy hou dit altyd pragtig en nuut na elkeen se smaak. Sommige sal met roekelose onverskilligheid oor enige pad ry, maar daar is ander, en baie van hulle, wat 'n mooi, gladde teerpad wil hê. Hulle wil baie graag godsdienstig wees; hulle wil as Christene gesien word. Dus help dit nie meer vir Satan om te sê: "Jy moet nooit kerk toe gaan nie, nooit jou Bybel lees of bid nie. Jy kan maar net so rof en roekeloos lewe soos jy wil." Nee, dan sal die mense gou vir hom sê: "Ek gaan nie so maak nie, want dan gaan ek mos verlore."

Dit is duidelik, liewe leser, dat hierdie ou pad nie meer alte goed deug nie. Nou gebruik Satan 'n ander taktiek en fluister: "Kyk, jy moet nou darem nie té Goddeloos lewe nie, dan maak jy jou saak sleg. Jy moet darem so nou en dan kerk bywoon en bidure en Christelike verenigings besoek. Dan dink die dominee darem jy is 'n Christen. Jy moet ook soms die Bybel lees en bid, veral as jy by die kinders van die Here kom, dan kry hulle darem 'n hoë dunk van jou. Jy moet ook nie té suinig wees wanneer daar by jou vir 'n goeie saak gekollekteer word nie. Want as jy vrygewig is vir die saak van die Here, dink en sê die mense heel moontlik dat jy seker 'n Christen is. Jy kan maar so 'n bietjie drink, sorg net dat jy nie te dronk voor mense raak nie. Jy kan maar 'n bietjie fatsoenlik dans, gedra jou maar net taamlik ordentlik. Jy kan maar met 'n geruste hart die wêreld se modes navolg, maar moet net nie té uitspattig wees nie. Dra maar jou bikini op die die strand, want almal doen dit tog en jy het immers tog die pragtigste liggaam gekry! Jy kan maar Sondae jou bure bietjie besoek. Moet net nie die hele Sondag op plesierritte uit wees nie. Hierdie dinge is oorgenoeg om jou in die hemel te bring."

Liewe leser, Satan gaan verder, want hy is 'n leuenaar reg van die begin af: "Uiterlike verbetering en dopgodsdiens is genoeg. Algehele hartsverandering is nie nodig nie!" Hiérdie teerpad ry heel lekker.

1. Redaksioneel verkort.

Vervolg op bl. 17 »



# Herlaai jou battery

**Ds. Danilo Stoltz**[1]

**Die meeste van ons ken die magtelose gevoel wanneer jou selfoon se battery afgeloop het. Ons weet almal dat die effektiefste manier om 'n selfoon se battery te laai, nié is om dit net vir kort rukkies te laai nie, maar om dit op die laaier te los totdat dit vol gelaai is. As gevolg van die tempo van die lewe, kry ons dit nie altyd reg nie. Jou foon word net gou vir 10 minute gelaai, of vinnig by die motor se laaier ingedruk.**

Hierdie praktyk maak dat jou foon se battery ná 'n tyd nie meer so effektief werk nie en jou op die onmoontlikste tye in die steek laat. 'n Mens se "battery" werk so 'n klein bietjie anders, maar daar is tog ooreenkomste met ons selfoonbatterye.

### Uitbranding?

Die woord "uitbranding" is 'n relatief nuwe begrip. Dit word soms misbruik en soms verkeerd gediagnoseer, maar in die 21ste eeu is dit 'n verskynsel wat beslis onder al hoe meer mense voorkom en mense se lewens, gesinne en beroepe beïnvloed. Uitbranding kan in enige beroep voorkom – ook onder predikante! Sommige mense sê jy moet net bid, jou Bybel lees en glo. Alles sal dan regkom en uitbranding sal verdwyn. Daar is selfs mense wat beweer dat daar nie iets soos uitbranding bestaan nie; dat dit net iemand se verbeelding en/of 'n verskoning is.

> **Alhoewel daar erken moet word dat party mense net lui is, is daar ander wat soos 'n afgeloopte selfoon voel – sonder energie, drif, visie of fokus.**

### Jou battery moet gelaai word

Daar is géén mens wat sonder rus kan funksioneer nie. Die menslike liggaam het rus nodig om sy volle potensiaal te bereik. Wanneer daar nie genoeg en effektiewe rus is nie, lei dit tot uitbranding. Die Bybel gee duidelike opdragte dat 'n mens vir ses dae móét werk en dan een dag móét rus. Daar word selfs opdragte gegee dat die landbouer ook sy grond moet laat rus.

> **Levítikus 25:1-7 sê dat elke sewende jaar in die land 'n jaar van rus vir die totale bevolking moet wees: werkgewers, werknemers, die grond en selfs die diere moet rus.**

In die postmoderne tyd waarin ons leef, is dit ondenkbaar dat almal in die land vir 'n hele jaar geen werk moet doen nie. Die hele ekonomie sal in duie stort. Die beginsel van rus en die mens se behoefte daaraan, het egter nie verander nie. Geen mens kan doeltreffend en effektief werk, as daar nie doeltreffende en effektiewe rus is nie. Jou battery moet herlaai word!

### 1 Slaap

Die gemiddelde mens moet sewe ure per nag slaap. Mense spog oor die min slaap waarmee hulle kan klaarkom. Om laatnag televisie te kyk, te instagram en te facebook, en ander sosialemediagebruik, is slegte praktyke wat mense van kosbare slaaptyd beroof. Ander kan weer nie ophou werk nie en wil net nog een verslag lees of nog een staat balanseer. Jy dink dat jy "slaapfiks" word en nie meer soveel rus nodig het nie. Sonder dat jy dit besef, is jy besig om jou battery te verniel en jou effektiwiteit op die lang duur in te kort.

### 2 Ses dae werk en een dag rus

Om een dag in die week te rus, is 'n Bybelse beginsel. Op hierdie dag word jy in jou verhouding met die Here gevoed, jou liggaam rus en jou gesinsbande word versterk. Predikante word dikwels daaroor geterg dat hulle sélf nie op 'n Sondag rus nie. Voeg daarby dat die meeste predikante in die AP kerkverband meer as een gemeente bedien en lang afstande

op ’n Sondag moet aflê. Dit bring mee dat ’n Sondag beslis nie ’n rusdag of ’n rustige dag saam met familie is nie. Wanneer families heerlik saam om die etenstafel of die braaivleisvuur kuier, is die dominee op pad na sy volgende preekpunt.

**Kerkrade moet toesien dat die leraar ’n dag het om te rus, te lees en te herlaai.**

Maandae tot Donderdae is in baie gemeentes nie haalbaar as rusdae nie, aangesien dit dae is waartydens gemeentewerk gedoen moet word. ’n Vrydag is ’n goeie voorstel, omdat daar gewoonlik nie op Vrydae Bybelstudies, jeugbyeenkomste of huisbesoek gereël kan word nie. Predikante moet leer om ’n effektiewe rusdag in te ruim.

## 3 Verlof

Daar is baie mense wat nie jaarliks hul verlof gebruik nie. Sommige laat verlof uitbetaal, indien moontlik, en ander voel dat dit net ’n vermorsing van tyd is. Nog ander voel verantwoordelik vir take by die werk en kom net nie by verlof uit nie. Wanneer mense vir hulleself werk, voel hulle dikwels dat hulle nie kán weggaan nie. “As daar nie gewerk word nie, is daar nie geld nie!” is dikwels die verskoning. Die probleem is dat jy op die lang duur jou battery so verniel dat daar permanente skade kom. Sommige kry siektes wat met spanning, uitputting en uitbranding gepaardgaan. Ander verloor visie en fokus sodat hulle die sin van die lewe verloor. In die uiterste gevalle verloor mense die lus om te lewe. Huwelike ly skade en verbrokkel. Verhoudings met kinders gaan verlore, of word nooit opgebou nie. En dit alles net oor pligsbesef, geld of druk van ander mense.

**Om jou verlof te gebruik, is een van die belangrikste besluite wat jy moet neem – ter wille van jouself, jou gesondheid, jou produktiwiteit, jou huweliksmaat en jou kinders! Jy hoef nie elke sewende jaar vir die hele jaar af te vat nie. Doen dit liewer jaarliks. Dit is ook raadsaam om meer kere per jaar, vir korter periodes, weg te gaan, as net een maal per jaar vir ’n lang tyd.**

Kerkrade moet toesien dat leraars hul jaarlikse verlof gebruik. Dit is ongemaklik wanneer die plaaslike leraar nie tuis is nie, maar dit is ook tot voordeel van die gemeente om deur ’n uitgeruste, gesonde en gebalanseerde predikant bedien te word. Begin betyds reëlings tref vir sy afwesigheid sodat daar nie spanning ontstaan nie.

## 4 Iets waarvan jy hou

Elke mens moet iets kry wat vir hom lekker is, wat hom uitdaag en “energie gee”, wat nie met sy werk te doen het nie. Dit is een van die beste maniere om jou battery te herlaai. Speel weekliks gholf of muurbal saam met ’n vriend. Gaan stap met jou hond en lede van jou gesin (ten minste ’n uur per dag). Doen houtwerk, naaldwerk of kuns. Bou iets, verf iets of kleur iets in. Lees ’n boek wat glad nie met jou werk te doen het nie. Skiet ’n vlakvark, ry perd of gaan braai iewers in die veld. Die beginsel is dat jy weekliks iets moet doen wat *jý* wil doen omdat dit vir jou *lékker* is. Maak tyd daarvoor! Wanneer jy dit doen, sal jy agterkom hoeveel dit jou herlaai. Jy sal meer produktief, gefokus, innoverend en effektief wees.

## 5 Stiltetyd

Jou stiltetyd is die belangrikste afspraak van jou dag. Tydens jou stiltetyd vind jy rus in God se rus. Predikante moet versigtig wees om nie stiltetyd met voorbereidingstyd te verwar nie. Stiltetyd is stil-word-tyd. Dan bring jy tyd met jou Bybel deur en “gesels” met die Here in gebed. Dan poog jy om soos Henog met God te wandel. Dit is nie die tyd om Bybelstudie uit te werk, kommentare te lees en preek voor te berei nie. En tog sal daar uit jou stiltetyd wonderlike boodskappe vir die erediens kom.

**Moet ook nie liggaamlike rus en stiltetyd verwar nie. Jy het albei nodig. As jy nie moeite doen om jou liggaam te laat rus nie, kan jy nie die Here vra om jou liggaam te herstel nie.**

## Gebruik jou langverlof

Langverlof bied ’n wonderlike geleentheid om te herlaai. Dit behoort nie as ’n gegewe voordeel gesien te word, waarop sonder rede aanspraak gemaak kan word nie, maar as ’n geleentheid vir herstel en groei. Kerkrade word opgeroep om die welstand van hul leraars as prioriteit te beskou. Staan aan hulle langverlof toe wanneer dit nodig blyk en daar aan al die vereistes voldoen is. ☺

1. Leraar van die AP Kerk Kimberley-Die Kruis.



# Die effek en hantering van sosiale bedreigings

**Ds. Francois de Bruin**[1]

**Daar is nie 'n omstandigheid in die lewe waar alles net goed sal gaan en niemand met mekaar enige konflik sal ervaar nie. Konflik is nou maar eenmaal deel van ons gebroke werklikheid.**

Die rede waarom mense konflik ervaar, is natuurlik emosioneel van aard en daar is goeie redes waarom mense hierdie konflik ervaar. Dit is egter noodsaaklik dat mense sal verstaan waarom konflik in sommige verhoudings herhalend van aard is. 'n Handige model is opgestel om mense te help om konflik te vermy en verhoudings te verbeter.

## Die SCARF-model

Die model, soos in 2008 deur dr. David Rock bekend gemaak, bied 'n raamwerk van vyf areas wat konflik kan veroorsaak. Die akroniem SCARF word algemeen as naam vir hierdie model gebruik en het sy oorsprong in Engels:

**S – Status (Status)**
**C – Certainty (Sekerheid)**
**A – Autonomy (Outonomiteit)**
**R – Relatedness (Verbintenis/verhouding)**
**F – Fairness (Regverdigheid)**

## Wat is die effek van konflik op mense se verhoudings?

Die mens bou verhoudings op positiewe belewenisse. 'n Aangename belewenis skep toenadering, terwyl 'n negatiewe belewenis verwydering bring. Konflik word as sleg ervaar en word veroorsaak wanneer die persoon bedreiging in een van hierdie vyf areas ervaar. Die SCARF-model poog om mense te help om waar te neem wanneer konflik ontstaan. Dit poog ook om hulle in staat te stel om een van die areas te identifiseer en konflik beter te hanteer wanneer dit ontstaan. In die model word gebruik gemaak van beloning om verhoudings te versterk.

## Bedreiging en beloning

Dit is nodig om kortliks elkeen van die vyf areas te beskryf om die effek van bedreiging en beloning aan te toon.

- *Status:* Jou posisie/gesag in die hiërargie van die groep/organisasie.
- *Sekerheid:* Iets wat as vanselfsprekend aanvaar word, wat waar en voorspelbaar is.
- *Outonomiteit:* Die graad van vryheid wat iemand besit.
- *Verbintenis/verhouding:* Die belewenis om aan iets of iemand verbind te wees en so deel van 'n organisasie of groep te voel.
- *Regverdigheid:* Om dieselfde as ander behandel te word.

Bedreiging veroorsaak konflik; beloning skep toenadering en versterk die verhouding. Iemand se **status** word bedreig wanneer hy beleef dat sy gesagsposisie bevraagteken word. Dit kan soms gebeur wanneer iemand raad oor 'n bepaalde saak bedien waarvoor daar nie gevra is nie. Beloning word weer ervaar wanneer iemand juis die posisie en gesag van so 'n persoon herbevestig. By beloning gaan dit oor hoe sake bevraagteken word en hoe die persoon as waardevol erken word.

Iemand se **sekerheid** word bedreig wanneer die wêreld waarin 'n ander persoon leef, gesien word as verkeerd en dat dit nie werklik so kan aanhou bestaan nie.

Soms is dit nodig om verandering in prosesse of stelsels in te bring en iemand wat nie van verandering hou nie, sal ervaar dat sy sekerheid bedreig word. Die beloning hier sou begrip vir die bekende wees, asook die erkenning dat iemand se siening wel geldig en aanvaarbaar is.

Iemand se **outonomiteit** word bedreig wanneer sy besluite nie aanvaar word nie. Daar is

’n belewenis van inperking en opstand omdat daar nie meer self gehandel kan word nie. Beloning word ervaar wanneer iemand jou besluit respekteer, al stem hulle nie daarmee saam nie.

Iemand se **verbintenis** word bedreig wanneer hy ervaar dat hy nie meer deel van die groep of die organisasie is nie. Konflik word beleef wanneer jy uitgeskuif word. Beloning word ervaar wanneer die groep erken word of positiewe kommentaar gelewer word oor die groep waaraan jy behoort.

Iemand se **regverdigheid** word bedreig wanneer die maatstaf van dit wat as goed of kwaad beskou word, gewysig word. Dit gebeur soms wanneer sekere mense anders as ander behandel word. Sommige mense doen net niks verkeerd nie, terwyl ander se foute altyd uitgewys word. Die konsekwente en regverdige hantering van elkeen, ongeag wie hulle is, word as beloning ervaar.

Konflik raak elkeen van ons – by ons werk, by die kerk en by plekke waar ons leef. Navorsing toon dat wanneer jy beheer oor jou emosies verloor, dit tot 30 minute kan neem om te kalmeer. Dan het daar moontlik te veel tyd verstryk om die situasie te beredder.

**Die lewe is te kort om in konflik te bly leef. Probeer verstaan waarom jy of iemand anders skielik die serpie (SCARF) aantrek en warm om die kraag word. Groei dan in selfbeheersing as kind van die Here.**

1. Leraar van die AP Kerk Betlehem.


« Vervolg vanaf bl. 13



Jy spoed sommer gemaklik na die verderf. Satan is ook ’n uitstekende na-aper! Daarom is dit in ons tyd so moeilik om te onderskei tussen “wêreldgesinde Christene” en “Christelik-gesinde wêreldlinge.” Wat ’n ernstige aanklag teen ons! Om Christelik te wees, beteken nog lank nie om ’n wedergebore Christen te wees nie. Godsdiens sonder God bring niemand in die hemel nie. Die ontnugtering sal eendag wreed en ontsettend wees as u slegs op u uiterlike diens aan God staatgemaak het.

*Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind.*

Mt. 7:13-14



Liewe leser, daar is ’n ernstige vraag waarvan u ewige lewe afhang: **Is u sondes afgewas deur die bloed van die Lam?** Dink ander mense maar net dat u ’n Christen is, bedrieg deur u uiterlike mooi lewe? Of weet God dat u waarlik sy duurgekoopte kind is? Ons kan die teerpad van Satan die “Nasionale Pad van Skyngodsdiens” noem. O, die toestand van die naamchristen is seker nog die vreeslikste! Ek het gedink ek is gered. Helaas, nou vind ek te laat uit: Ek is verlore!

Liewe leser, sit tog net vir ’n oomblik stil en vra God om u te laat besef wat “verlore” werklik beteken. Nou kan u nog gered word, maar as u eers in die hel is, is u vir ewig onherroepelik verlore! Wil u hemel toe gaan? Jesus sê dat net wedergebore Christene die koningkryk van God sal binnegaan, geen naamchristene nie.

*Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koningkryk van God nie sien nie* (Joh. 3:3).

Is u wedergebore?



# Die prisma van geloof

**Ds. Wickus Malan**[1]

***Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog dan reg is, sal jou hele liggaam verlig wees. Maar as jou oog verkeerd, sal jou hele liggaam donker wees. As dan die lig in jou donkerheid is, hoe groot is die donkerheid nie!*** **(Mt. 6:22-23)**

Ten einde reënboogkleure mooi netjies langs mekaar te laat val, word 'n prisma gebruik. Kleure word dan deur die frekwensie van die liggolwe bepaal. Rooi het byvoorbeeld 'n laer frekwensie as blou omdat sy golflengte langer is.

Die vraag is nou: Hoe lyk die prisma waardeur ons na die wêreld om ons kyk? Watter frekwensie het die dinge waarmee ons in aanraking kom? Of kom ons vra: Wanneer sien ons rooi en wanneer is my gemoed blou? Dit is ons ondervinding dat ons gouer rooi sien as ons gemoedere blou is.

## Die lamp van die liggaam

Die lamp van die liggaam is die oog. Soos die prisma bepalend is vir die kleure wat ons waarneem, is ons oog bepalend vir die waarneming van kleure om ons. Ons kan rooi sien omdat ons eie geestelike frekwensie laag is, terwyl die saak eintlik beter daar uitsien. As 'n mengsel van die kleure van die reënboog saamgevleg is, lyk die lig wit. Dit is insiggewend. Wanneer ons die volle spektrum van ons veelkleurige omstandighede kon raaksien, sou dit lig op ons omstandighede werp. Ons dink dikwels nie dat dinge ten goede meewerk nie, omdat ons nie die volle prentjie sien nie. Ons sien net rooi, of blou, afhangende van die frekwensie van my staanplek op die berg.

Die konteks van Matthéüs 6:22-23 is van belang. Jesus praat oor waar gelowiges skatte bymekaar moet maak en sê dan dat ons nie twee here kan dien nie. Die wêreldling "kyk" na sy skatte deur die prisma van die aardse – die hier en die nou. Dan lyk die hemel ver en vaal. Daarom stuur hy nie skatte daarheen nie. As jy Christus (Lig) nie as Here het nie, maar iets of iemand anders, verhinder jy die lig om die oog in te gaan. So 'n mens tas in die donker rond en weet nie waarheen hy gaan nie. Dit kom hierop neer: As God alleen nie vir ons die heerlike, helder en soete lig is wat op alles afstraal nie, kan sy Lig nie van enige objek af weerkaats word nie. Noodwendig kan jy dan nie sien nie. God is lig en in Hom is geen duisternis nie. Enige blindekol se oorsaak moet dus gesoek word in die wegdraai van die Lig af. Hierdie wegdraai staan bekend as afgodery; 'n oortreding van die fundamentele eerste gebod. Wie die Lig nie sien in die eerste gebod nie, sien dit ook nie in die ander nege nie.

## Geestelike blindheid

Ons kan die liefdadigheid waarna Matthéüs 6 verwys, as voorbeeld van geestelike blindheid neem. Sommige bewys liefdadigheid om deur die mense gesien te word. Hulle verrig die weldade vir hulleself. Die self is die afgod. Christus leer egter dat om waarlik barmhartigheid te betoon, jy nodig het om die ander een in sy nood raak te sien. Maar ek kan net die naaste waarlik raaksien as God se lig sy nood vir my uitlig.

Bekommernis is nog 'n voorbeeld (vgl. Mt. 7). Sommige kwel hulle oor die alledaagse omdat hulle kleingelowig is. Hulle sien nie die God wat voorsien nie, want die bord is leeg. Omdat God se lig nie op die bord val nie, is die bord altyd halfleeg. Jesus leer ons om reg te kyk.

> *Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?* (Mt. 7:26).

Die blinde oog sien 'n bord wat te groot is vir God om te vul. Waar God klein is (oortreding van die tweede gebod), is dit nie omdat God ver is nie, maar omdat die oog bysiende is. Dit veroorsaak 'n distorsie, oftewel, 'n verwronge beeld.

## Tipiese distorsies

Vervolgens kan ons nou vier tipiese distorsies bekyk. Die doel daarvan is om blindekolle te identifiseer en te bevestig of die onderliggende oorsaak wel afgodery is.

### *Etikettering*

*... en as julle opsien na hom wat die pragtige kleed dra, en vir hom sê: Gaan u op hierdie goeie plek sit, en vir die arme sê julle: Gaan jy daar staan of hier onder my voetbank sit – het julle dan nie by julleself onderskeid gemaak en regters met verkeerde oorlegginge geword nie?* (Jak. 2:3). Die algemene sosiale norm is dat rykes 'n hoër status geniet. Die goedhartige etiket wat om rykes se nekke gehang word, is produktiwiteit, aansien, mag, invloed. Die etiket vir die arme is geringheid, agterlikheid, minderwaardigheid.

Die Skrif vra of jy inderdaad goed sien:

> *Luister, my geliefde broeders – het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat hy beloof het aan die wat Hom liefhet nie? Maar julle het die arm man oneer aangedoen. Is dit nie juis die rykes wat julle oorweldig en julle voor die regbanke sleep nie?* (Jak. 2:5)

Dit is ooglopend dat vooroordele etiketteer.

> *Julle kan nie God én Mammon dien nie!* (Mt. 6:24).

Dienaars van Mammon het katarakte.

### *Oorveralgemening*

*Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het* (Mt. 5:28). Die gedagte kan in die kop ronddwarrel dat álle mans met begeerte na vroue kyk. Alle mans is dieselfde. Sou dit 'n veralgemening wees om te beweer dat sulke veralgemenings algemeen by vroue voorkom? Sien u dat veralgemenings, én distorsies, gevaarlik kan wees?

Met tonnelvisie kan 'n persoon slegs sien wat direk voor oë is. Daar is 'n verlies aan periferale visie. Wat buite 'n mens se direkte visierlyn lê, is onsigbaar. Oorveralgemening ontstaan wanneer die tonnel van eie oortuiging 'n mens so omgrendel dat lig nie kan binnedring nie. Dit is 'n teelaarde vir eiegeregtigheid en afgodery.

### *Verpersoonliking*

Die liefde word nie verbitterd nie. *Die dwaas laat sy drif op die daad bekend word, maar die skrandere verberg skande* (Spr. 12:16). Selfs al sou iemand nie bedoel om 'n klip voor jou in te rol dat jy jou voet daarteen stamp nie, mag dit voel of die spreker wel op jou tone trap. 'n Aanmerking word persoonlik opgeneem, die persoon sien rooi en drif kook oor. Dit kan help om te onthou dat die balk eers uit die eie oog verwyder moet word sodat goed gesien kan word om die splinter uit 'n ander se oog te verwyder. 'n Bewussyn van die balk behoort byvoorbeeld meer geduld met ander se opmerkings te kweek. Dan sal daar ook nie so naarstiglik na die splinter in ander se oë gesoek word om dit daar uit te krap nie.

Wie die heiligheid van God sien, ontwikkel ootmoed wat as skokbreker dien vir aanmerkings wat met 'n angel aan die voorpunt gelanseer word.

### *Maak dit erger as wat dit is*

Dit is om die bobbejaan agter die bult te gaan haal. As iemand jou bokleed eis, voel dit vir jou of jou hele klerekas in gedrang is. Jy is skepties oor die een myl wat jy moet saam loop en berei jou voor vir moeite, asof die eindstreep myle ver is. So het die meerderheidsverslag ook gelees dat hulle daar anderkant die Jordaan soos reuse is en diegene duskant soos sprinkane.

> **Vir die bysiende oog is die God van hoop vaag sodat wanhoopskolletjies oral rondflits.**

## Slot

'n Reënboog is die gevolg van sonlig wat met die regte hoek op miljoene klein reëndruppels val. Die wit lig word dan in die baie kleure van die ligspektrum opgebreek. As materie nie die eienskap gehad het dat dit liggolwe absorbeer nie, sou die aarde grys en dood gewees het. Hoe noodsaaklik dan om die Lig te absorbeer sodat ons vrolik kan rondspring in die vreugde van God se bonte veelkleurigheid. ☺

1. Leraar van die AP Kerk Pietersburg.



# Die kerkraad en langverlof

**Ds. Riaan Pretorius**[1]

**Sinode 2022 het besluit om weer 30 dae langverlof aan leraars toe te staan. Miskien is almal nie ewe positief daaroor nie, daarom is versoek dat hierdie artikel spesifiek sal fokus op die kerkraad se hantering van die saak.**

Wat verstaan moet word, is dat langverlof nie in die eerste instansie bedoel is om uitgebrande leraars te genees nie, maar om uitbranding te help voorkom. Langverlof is dus 'n middel waardeur die kerkraad kan seker maak dat hul leraar geestelik en emosioneel gesond genoeg is om die hoë druk van gemeentewerk te dra.

Kerkrade verstaan nie altyd die emosionele las wat 'n leraar moet dra nie. Dit is baie keer moeilik om onsself in iemand anders se skoene (beroep) te plaas. As uitbranding by leraars egter nie 'n werklike probleem was nie, sou gereformeerde kerke deur die wêreld heen nooit langverlof aan hul leraars toegestaan het nie.

**Wêreldwyd word erken dat die tipe emosionele druk wat leraars ervaar, anders is as in ander beroepe. Daarom dat langverlof vir dekades in gereformeerde kerke in gebruik is.**

Die realiteit is dat 'n uitgebrande leraar nie tot seën en geestelike groei van die gemeente kan werk nie. 'n Afname in werksprestasie en produktiwiteit, asook 'n onverklaarbare geïrriteerdheid, is een van die eerste tekens dat 'n leraar besig is om uit te brand. Juis daarom sal dit die kerkraad loon om seker te maak dat die leraar sy vakansieverlof en langverlof gereeld neem.

## Hoe kan ons gemeente dit bekostig?

Wanneer daar dan gevra word hoe die gemeente dit kan bekostig, moet die teenvraag eerder gestel word: Hoe kan ons dit nie bekostig nie? Is dit vir ons bekostigbaar om van 'n uitgebrande leraar, of een wat op pad is om uit te brand, te verwag om voort te gaan met sy werk?

Rand en sent is altyd 'n taai toffie, veral in 'n ekonomie waar daar toenemend druk bestaan. Dit moet toegegee word. Die Kuratorium het daarom ook besef dat ons nie, soos in sommige oorsese kerkverbande, 'n volle jaar vir langverlof kan afstaan nie. Tog kan ons ook nie die saak van die tafel gooi omdat finansies sake bemoeilik nie. As ons die koste van 'n uitgebrande leraar in 'n gemeente opweeg teen die koste om hom te laat rus en herstel, is dit waarskynlik goedkoper om hom te laat rus.

**Om koste te bespaar kan 'n kerkraad deesdae van sogenaamde plat- of skermpreke gebruik maak waar daar by ander AP kerke se eredienste ingeskakel word.**

Anders as wanneer lidmate bloot tuisbly en in die sitkamer inskakel, gaan die gemeenskap van gelowiges nie verlore nie. Lidmate kyk saam, sing saam en aanbid saam onder die leiding van 'n "virtuele" leraar. Die klagte in hierdie verband is gewoonlik dat lidmate nie so gretig is om die eredienste by te woon wanneer die leraar nie persoonlik teenwoordig is nie. Miskien gee dit rede tot selfondersoek gegewe die voorafgaande.

## Hoe werk langverlof in die praktyk?[2]

1 Volgens die 2022-Sinodebesluit[3] geld langverlof net vir leraars wat ná die sinodebesluit beroep is, dus vir nuwe beroepsbriewe, of waar die leraar en sy kerkraad skriftelik ooreengekom het om die beroepsbrief so te wysig. Sou 'n leraar wat voor Sinode 2022 by sy huidige gemeente bevestig is, langverlof wil neem, moet hy dit met sy kerkraad ooreenkom.

2 Wanneer die reëling met die kerkraad getref is, moet die Kuratorium in kennis gestel word sodat die verpligte uitbrandingstoets afgelê en sekere studiemateriaal op aanbeveling van die Kuratorium deurgewerk kan word.

**Die doel van die toets is om uitbranding te diagnoseer en om die leraar te help om dit beter te hanteer en in die toekoms te probeer voorkom.**

Tien dae van die langverlof behoort daarom aan hierdie studiemateriaal bestee te word. Die Kuratorium het die tekortkominge van 'n blote uitbrandingstoets besef en besluit dat dit beter sal wees om 'n uitgebreide toets aan te beveel. Die toets word voor die langverlof afgelê en word dan met 'n kursus opgevolg. Die kursus (drie dae) is bedoel om die leraar toe te rus en selfinsig te gee sodat hy die oorsake van uitbranding kan herken en teëwerk. Selfs al ly die leraar nie aan uitbranding nie, moet die geleentheid steeds benut word om geestelik verryk te word.

3 Langverlof kan verder eers geneem word nadat die leraar drie jaar of langer in die gemeente werksaam is en daarna in driejaarsiklusse. 'n Kwalifiserende leraar kan sy langverlof net neem as hy ten minste 70% van sy gewone verlof (vakansieverlof)[4] in die afgelope drie jaar geneem het. Die doel van hierdie verlof is om kragte vir sy werk op te bou. As 'n leraar nooit verlof neem nie, is daar geen sin om langverlof toe te staan nie. Dit beteken egter ook dat 'n gemeente dit regtig vir die leraar so maklik moontlik behoort te maak om verlof te neem en dat die kerkraad hom selfs moet aanmoedig om sy verlof te neem.

4 Om kerkrade van finansiële uitgawes te vrywaar, kan langverlof (net soos gewone verlof) nie oploop nie. Dit beteken dat indien die leraar nie sy langverlof geneem het nie, hy die volgende jaar steeds net 30 dae kan neem. Verder kan langverlof nie uitbetaal word nie.

5 Langverlof mag nie opgebreek word om op verskillende tye deur die jaar geneem te word nie. Om die doel waarvoor langverlof ingestel is te bereik, moet dit aaneenlopend geneem word.

6 Om die werklike bedoeling van langverlof tot sy reg te laat kom, mag 'n leraar nie tydens sy langverlof in 'n ander gemeente gaan uithelp nie. Hy moet gaan rus, hy moet emosioneel herlaai en dit kan nie gebeur as hy maar net weer in 'n ander gemeente werk nie. Hy moet verkieslik ook nie by die huis bly tydens die langverlof nie, aangesien hy dan steeds deur lidmate om hulp gevra kan word.

**Om werklik emosioneel te rus, beteken vir die leraar om "af te skakel" ten opsigte van gemeentesake.**

7 Wanneer 'n leraar 'n beroep aanvaar, verval alle langverlof in sy huidige gemeente. Hy kan dus nie voordat hy in die volgende gemeente bevestig word, eers sy langverlof neem of dit laat uitbetaal nie. 'n Nuwe situasie (of gemeente) is volgens navorsing gelykstaande aan langverlof: "Verandering is so goed soos 'n vakansie."

## Hoe beplan ons vir ons leraar se langverlof?

'n Leraar moet ten minste ses maande vooruit kennis van sy langverlof gee. Dit gee 'n kerkraad die geleentheid om met die konsulent kontak te maak en sake so te reël dat daar nie oorvleueling van verlof is nie en noodsaaklike gebeure soos nagmaal en begrafnisse kan voortgaan. Ander sake soos die leraar se verbondsonderrigverpligtinge kan óf vooruit, óf deur 'n ouderling hanteer word. Dit kan dus op dieselfde manier hanteer word as wanneer die leraar byvoorbeeld net vir twee weke met verlof gaan.

Omdat die leraar ses maande vooruit kennis moet gee, bied dit ook die geleentheid dat kerkrade kan beplan wie die eredienste gaan lei, indien daar nie van tegnologie gebruik gemaak gaan word nie. Die Gemeenskaplike Kerkkantoor kan geskakel word om studente of geëmeriteerde leraars te reël om die dienste waar te neem of manlike lidmate[5] van die gemeente kan voortydig versoek word om leesprekе te gee.

Verlof en langverlof kan vir 'n kerkraad en leraar 'n pynigende saak wees. Of dit kan 'n geleentheid wees waarby beide partye kan baat. Mag dit bowenal iets wees waarby die kerk van Christus sal baat.

1. Leraar van die AP Kerke Bethal en Hoëveldrif (Secunda).
2. Vgl. "Sinodebesluit 35: Langverlof vir leraars," in *Kerkorde 2023*, 184-186.
3. Vgl. "Sinodebesluit 35," 184.
3. "Artikel 14: Bevestiging (Bepaling 14F)," in *Kerkorde 2023*, 22.
4. "Bylae 1: Wie mag in 'n AP Kerk preek?" in *Kerkorde 2023*, 70-71.

# SMELTOOND

• *Maart 2024* •

**Deur Charlotte Möller**



# Suid-Afrika skuldig aan "bloedlaster"

Die Israelse president, Isaac Herzog, het Suid-Afrika se volksmoordaanklag by die Wêreldhof in Den Haag as moderne bloedlaster beskryf.[1] Hy meen sy mediaverklarings is verdraai ten einde die hof te manipuleer. "Selfs op 'n persoonlike vlak is ek gewalg deur die manier waarop my woorde verdraai is ... met die doel om 'n ongegronde regsaak te ondersteun. Gasiete is as 'n nasie verantwoordelik. Hierdie retoriek dat burgerlikes wat nie van Hamas se dade bewus is nie, nie betrokke is nie, is absoluut onwaar." Volgens hom kom wydverspreide burgerlike steun vir Hamas uit die hart van die burgerlike bevolking – van kinderslaapkamers in huise, tot skole, moskees en hospitale. Herzog het egter beklemtoon dat wydverspreide burgerlike medepligtigheid nie impliseer dat alle Gasiete wettige militêre teikens is nie. "Israel hou by die internasionale reg; elke offensief word wettig beplan en uitgevoer."

In sy voorlopige uitspraak het die Wêreldhof Israel se optrede in die oorlog teen Hamas met ronde woorde bestraf en 'n beroep op hulle gedoen om burgerlike ongevalle in Gasa te voorkom. Hierdie oproep blyk nie Israel se pogings om burgerlike ongevalle in Gasa tot die minimum te beperk, in ag te neem nie, insluitend die skep van veilige deurgange vir burgerlikes om uit gevaarsones te ontsnap. Die hof het ook versuim om Hamas te veroordeel omdat hy doelbewus Gasiete as menslike skilde gebruik en Israelse burgerlikes teiken, wat volgens internasionale reg as 'n dubbele oorlogsmisdaad beskou word.

## Jodehaat sonder 'n einde

Bloedlaster[2] is die bygelowige beskuldiging dat Jode nie-Jode (veral kinders) vermoor om hul bloed gedurende Joodse godsdienstige rituele te gebruik, veral as bestanddeel vir die ongesuurde brood van die pasga. So is Jode in die verlede as sondebokke uitgewys vir die moord op kinders, wie se moordenaars nooit voor die gereg gebring kon word nie.

Bloedlaster teen Jode het so vroeg as 1144 voorgekom. Na bewering het Jode in Norwich, Engeland, in hierdie tyd 'n Christenkind in die aanloop tot die pasga gekoop, hom gemartel soos Jesus voor sý kruisiging gemartel is en hom toe aan 'n kruis opgehang om hul haat jeens Christus uit te beeld. Sodanige bloedlaster het met geringe variasies dwarsdeur die Middeleeue voortgeduur. Die Jode was deeglik bewus van die implikasie van sadisme wat by die laster betrokke was. Joodse geleerdes het hierdie onmenslike beskuldigings bitterlik verwerp. Hulle het die Torah aangehaal en die Joodse lewenswyse en kashrut[3] as voorbeeld gebruik om dit te weerlê. Levítikus 7:26-27 verbied die eet van bloed, waarby hulle streng gehou het. Jode het die aantygings jeens hulle so opgesom: "Julle belaster ons omdat julle 'n rede soek om die vergieting van ons bloed te regverdig." Vanaf die 17de eeu is al hoe meer verkondig dat Christene se bloed vir die ongesuurde brood van die pasga gebruik word. In die 19de eeu is daar voortgegaan om bloedlaster te gebruik om antisemitisme aan te vuur.

Beskuldigings van bloedlaster het die rondte gedoen selfs gedurende Israel se humanitêre hulp ná die Haïtaanse aardbewing van 2010. In November 2015 het 'n Hamas-amptenaar op Gasietse nuusnetwerke verklaar dat Israeli's kinders doodmaak en hul bloed versamel om dit in die brood te knie wat gedurende die pasga geëet word. Hy het verder beweer dat Israeli's kinders in aanvalle teiken, omdat hulle swakker en kleiner as volwassenes is.

Sedert die onlangse Hamas-slagting en die daaropvolgende Israelse militêre offensief, gebruik sommige anti-Israelse groepe in die Midde-Ooste, Europa, Australië en die VSA spotprente en sosialemediaplasings om Israel van die diefstal van organe van vermoorde Gasiete te beskuldig. Daar word ook verkondig dat kindermoord 'n voorkeurritueel vir Israeli's is, met babas as gunstelingteiken.[4]

Volgens die Suid-Afrikaanse Joodse Raad van Afgevaardigdes was daar van Oktober tot Desember 2023 'n toename in aangemelde antisemitiese voorvalle vergeleke met die ooreenstemmende tydperk in 2022 (139 teenoor 19). Daar was ook 'n skerp toename in fisieke aanvalle op Joodse persone en eiendom. In 'n onlangse onderhoud van die BBC het die Suid-Afrikaanse regering, by monde van Ronald Lamola, ontken dat Suid-Afrika nie meer 'n veilige plek vir Jode is nie.

---

1. https://bit.ly/3UriE6I
2. https://bit.ly/3HLho6T
3. Joodse dieetreëls, waar o.m. gestipuleer word dat alle bloed uit vleis gedreineer moet word voordat dit geëet mag word.
4. https://bit.ly/49kkc6F
5. https://bit.ly/42nWAfr

**AP KERK PRETORIA-OOS**

## Danville: Kinderuitreik








Op 9 Desember 2023 is die Kinderuitreik se Kersfunksie by oom Max se huis in Danville gehou. 'n Vereenvoudigde Kersverhaal is uit die Kinderbybel vir die kinders voorgelees. Die opening van die geselligheid is afgesluit met 'n gebed deur een van die ouers, Santa Botha. Ons eie Kersvader, André Nienaber, het die Kersgeskenke aan die kinders uitgedeel. Beide die twee nuwe graad R'e en twee graad 1-maatjies is verras met 'n geskenkpak bestaande uit skoolbenodigdhede volgens hul behoeftes. Daar is heerlik saamgekuier en geskenke oopgemaak. Toe kon die kinders en hul gesinne begin weglê aan worsbroodjies, lekkergoed, skyfies, kolwyntjies, koeldrank en die belangrikste, wat elke jaar 'n hoogtepunt is, roomys! Elke gesin het ook 'n pakkie wildskookvleis, mieliemeel en vars melk ontvang om huis toe te neem.

## Danville: Kinder- en bejaarde-uitreik

Op 21 Maart 2023 het die Danville: Kinder- en bejaarde-uitreik, wat deel uitmaak van die AP Kerk Pretoria-Oos se diens van barmhartigheid, sy tweede verjaarsdag gevier. Hierdie projek is begin met die hoofdoel om die lewens van hierdie kinders 'n bietjie makliker te maak, hoewel die gesinslede 'n onlosmaaklike deel daarvan is. Die meerheid van die kinders het spesiale behoeftes, insluitend leergebreke, ontwikkelingsprobleme, emosionele en sielkundige gebreke. Daar is egter ook uitblinkers met drome om eendag 'n argeoloog, argitek of brandweerman te word.

Vanaf die eerste ontmoeting op 21 Maart 2021, te midde van die COVID-19-pandemie, het hierdie projek ongekende groei beleef. Dit het begin by die uitdeel van klere en gegroei tot 'n volskaalse diens van barmhartheid aan hoofsaaklik blanke persone. Hierdie projek sluit in die lewering van 'n maandelikse basiese voedselpakkie (sedert Augustus 2022) aan 20 kinders (pasgebore babas tot 18 jaar), 23 volwassenes en 4 bejaardes (65 en ouer). Die kinders, elkeen met sy of haar unieke persoonlikheid, kruip diep in jou hart in. Nou, aan die begin van 2024, kan ek met reg sê dat dit meer as twee jaar geneem het om die vertroue van baie van hierdie kinders te wen. Nou eers sal hulle uit hul eie vir jou 'n drukkie gee en vertel hoe dit by die kleuterskool of skool gaan. Hierdie mense, al is hulle arm, het ook hul trots. Die meerderheid van die groep woon in Elandspoort, terwyl ander in Danville en Westfort woon. Hulle werk en probeer ook 'n inkomste genereer, hoewel die meeste van 'n maatskaplike toelae (SASSA) afhanklik is.

Ongelukkig steek die donker kant van die lewe ook hier kop uit met huishoudelike geweld, dwelmmisbruik, werkloosheid en kinderverwaarlosing. Verlede jaar het ons met een van hierdie probleme, kinderverwaarlosing, eerstehands kennis gemaak. Aan die hand van verskeie advies is 'n klag van kinderverwaarlosing by Child Welfare Tshwane ingedien, die enigste welsynsorganisasie wat bereid was om die saak op te neem en ondersoek in te stel. Hierdie was nie 'n baie aangename ervaring nie. Sê elke aand vir die liewe Vader dankie dat jy en jou huisgesin in 'n warm bed, met 'n vol maag kan gaan slaap.

Adri Nienaber

# DIE BEKERING VAN DIE BEKEERDE JAKOB

OPGESTEL DEUR DALEEN PIENAAR
(LIDMAAT VAN DIE AP KERK MOSSELBAAI)

*Erkenning: Ds. Dewald Cronjé, "Februarie," in Kerkjaarboek 2017*

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| K | V | R | O | E | D | V | R | O | U | E | N | H | Y | A | F | S | T | A | M | H |
| R | O | R | E | T | B | D | A | A | R | R | N | A | L | T | A | A | I | R | G | E |
| B | E | N | E | O | B | E | N | J | A | M | I | N | B | I | L | H | A | G | U | E |
| B | 1 | B | I | E | N | D | G | I | E | P | L | N | E | K | 2 | E | J | L | E | B |
| E | | E | E | N | M | O | T | R | E | V | R | U | G | B | | A | 3 | U | L | M |
| T | | G | E | K | G | D | R | N | A | O | E | N | M | E | | D | | O | D | O |
| L | | W | M | D | K | S | E | E | A | W | T | A | G | V | | E | | P | O | A |
| E | | D | A | L | M | A | G | T | I | G | E | F | D | R | | B | | G | A | F |
| H | | A | R | A | N | A | A | N | H | O | M | T | R | E | G | O | | E | S | G |
| E | | E | J | O | L | G | R | A | F | O | R | A | G | E | L | R | P | R | E | E |
| M | | E | R | O | N | F | B | A | A | R | A | L | I | S | N | A | S | I | B | L |
| T | | B | O | E | S | H | | Y | V | T | I | I | R | S | A | Y | B | G | U | E |
| V | E | R | W | Y | D | | R | R | L | O | E | R | G | E | G | V | L | I | L | E |
| H | U | N | G | H | | V | F | A | M | E | N | I | G | T | E | E | V | T | O | F |
| E | I | A | N | | J | E | A | S | I | M | E | O | N | K | S | E | O | B | N | K |
| B | S | S | | H | E | R | T | N | G | E | D | E | N | N | L | K | S | T | I | E |
| R | A | 4 | H | U | I | S | G | E | S | I | N | E | A | N | A | O | P | R | E | G |
| O | K | E | E | G | E | K | R | I | 5 | | | | | G | G | E | K | R | E | K |
| E | B | I | N | O | B | Y | V | R | O | U | N | K | L | I | P | S | M | O | E | L |
| R | L | O | L | D | U | N | I | E | D | A | S | E | U | N | S | A | A | R | A | U |
| O | R | O | U | E | P | D | U | I | K | T | G | E | G | I | M | U | T | E | T | S |

## SOEKWOORDE (Lees: Génesis 35)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Afgeleef | Broer | Juda | Nasie | Sigem |
| Afstam | Byvrou | Kanaän | Olie | Símeon |
| Almagtige | Debóra | Klip | Opgerig | Skrik |
| Altaar | Esau | Konings | Ore | Trek |
| Begrawe | Gode | Levi | Oud | Twaalf |
| Benjamin | Graf | Lus | Ragel | Verskyn |
| Betlehem | Hebron | Mamre | Rebekka | Verwyder |
| Bevrees | Huisgesin | Menigte | Ringe | Vreemde |
| Bilha | Isak | Naftali | Sébulon | Vroedvrou |
| Bou | Josef | Nageslag | Seuns | Vrugbaar |

## VRAE (Skryf die antwoorde in die grys blokkies in die boonste blok)

1. Om 'n drankoffer *uit te gooi* (Gén. 35:14).
2. God is aan *hom* by Bet-el geopenbaar (Gén. 35:7).
3. *Hierdie seun* se skanddaad was 'n poging om die leierskap van die groep oor te neem (Gén. 35:22).
4. Die *nuwe naam* bevestig dat Jakob die draer van die beloftes van nageslag en land is (Gén.35:10).
5. Ragel is naby *hierdie plek* begrawe (Gén. 35:19).

**Voltooi die ruitjie met behulp van die onbenutte letters**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | ■ | | | ■ | | | | ■ | | | | | ■ | | ■ | | | T | | | | ■ |
| G | | | | | ■ | | | ■ | | | | ■ | | L | | | ■ | | | ■ | | | T |
| | | ■ | | | | | E | | ■ | | | | | | ■ | | | D | ■ | | | | |
| | | | ■ | | | M | ■ | | | | | | | B | | | | ■ | | | ■ | | |
| | ■ | | | ■ | | | | ■ | | | ■ | | R | | | | ■ | | | | | U | |
| | | | ■ | | | ■ | | | | | B | ■ | | | | ■ | | ■ | | | D | | |
| | | | | | | ■ | | | | E | | | | ■ | | | ■ | | | I | | ■ | ■ |
| | | | | | | ■ | | | | | | | I | | | ■ | | | | | | | |

AP KERK DELMAS

## Belydenisaflegging

Op Sondag 19 November 2023 het een finalejaarkatkisant, Anja Labuschagne, belydenis van geloof afgelê. Die diens is waargeneem deur ds. Greyling van Rooyen.

Seën word haar toegebid vir die toekoms. Ons is baie trots op haar.

Annatjie Bothma


Anja Labuschagne

AP KERK MOOT-SENTRAAL

## Pensioenaris-kersete

Op Donderdag 30 November 2023 het die AP Kerk Moot-Sentraal haar pensioenarisse lekker bederf deur vir hulle 'n Kersete voor te sit.

Ons leraar, ds. Leon Lubbe, het geopen met Skriflesing uit Filippense 3:14 (ds. Leon is nog nie 'n pensioenaris nie.) Die susters het heerlike kos voorgesit en daar was 'n gaskunstenaar, Theonette Vogt, wat die lidmate op haar sang trakteer het. Theonette is omroeper by Bosveld Stereo. Dank is betuig teenoor Lucy Venter en Nicolette Moolman wat alles gereël het. Die pensioenarisse het heerlik gekuier.

Alle eer kom ons hemelse Vader toe vir sy genade en liefde.

Izak Loots


Ds. Leon Lubbe


Theonette Vogt

AP KERK UTRECHT

## Waatlemoenfees

Die gemeente op Utrecht het 2023 op Sondag 31 Desember afgesluit met 'n heerlike waatlemoenfees. Baie dankie tannie Cecilia en oom Gert vir die slim plan wat julle gehad het.

Baie geluk aan die drie lidmate wat in Januarie verjaar.

Ingestuur


Waatlemoenfees

## GEMEENTENUUS – ONS WIL GRAAG VAN U HOOR!

Stuur asseblief alle gemeentenuus in Microsoft Word-formaat aan ons. Nuusbrokkies moet nie langer as 300 woorde wees nie en ook nie ouer as ses maande nie. Ons wil graag foto's saam met u berig plaas. Stuur dit asseblief apart aan en nie as deel van die Word-dokument nie. Ons benodig die oorspronklike, hoëresolusiefoto's. Stuur u gemeentenuus na boodskapper@apk.co.za vir plasing.




# Belfast Rusoord

*Kom maak ons rusoord jou tuiste waar jy in goed toegeruste kamers met opgeleide personeel en ander vrolike senior burgers rustig kan raak.*

WEES BARMHARTIG

ONS BIED DIE VOLGENDE:
24 uur mediese versorging • GKTV • 24 uur sekuriteitstoegangsbeheer • Drie gebalanseerde maaltye per dag • Aktiwiteite vir elkeen.

PRYSE: Semiversorgend – R6 180 • Verswakte bejaardes – R 6 720
Woonstelle: Selfversorgend – Eenmanwoonstel – R2 830
1 Slaapkamer R4 500 – 2 Slaapkamer R6 070.

**Kontak die bestuurder vir enige navrae: Riana de Villiers by 013-253 3121 / 063 663 7449 of e-pos: manager@belfastrusoord.co.za**




## VOLKSHULP 2000

Volkshulp 2000 is gestig in 1991 as 'n organisasie sonder winsoogmerk, en ontvang geen ander inkomstes van enige instansies nie. Ons is dus afhanklik van ons eie volksgenote wat kan help met die onderstaande items.

Vir belastingdoeleindes kan Volkshulp 2000 op aanvraag 'n Artikel 18A-sertifikaat uitreik met alle kontantdonasies wat aan Volkshulp 2000 gemaak word. Bankbesonderhede kan verkry word by ons hoofkantoor.


Indien u oor die volgende items beskik wat bruikbaar is, kan u ons gerus kontak by ons hoofkantoor en ons kom haal dit by u, of u is welkom om dit self te kom aflewer.

**ONS BENODIG DRINGEND ALLE BRUIKBARE ITEMS, WAT DAN WEER HELP OM IN ONS VOLKSGENOTE SE BEHOEFTES TE VOORSIEN.**

Klere • Skoene • Linne • Huisraad
Alle bruikbare meubels • Speelgoed • Kos

**www.volkshulp.org.za**
**Tel:** 012 755 8201 • **Sel:** 082 6827454
**Adres:** Steadlaan 246, Queenswood, Pretoria


**BLOKKIESRAAISEL-ANTWOORDE:** FEBRUARIE 2024, BL. 9



**KODE-KOPKRAP**
*Ontsyfer Dawid se woorde in Ps. 139*

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 14 | 13 | **5** | 7 | **4** | 1 | 15 | 9 | 10 | 8 | **6** | 2 | 12 | 17 | 3 | 16 | 11 |
| A | B | **D** | E | **G** | H | I | K | M | N | **O** | R | S | T | U | V | Y |

AP KERK RUSTENBURG

## Hoogtepunte van 2023

Op 21 Oktober, gedurende die **handwerkoggend**, het susters vir mekaar hul hekel-, brei-, lapverf- en papiervouwerk gewys. Een van die susters het leer hekel en was baie in haar skik.

Tydens die **Rustenburg Straatfees** (27 tot 28 Oktober) is 'n stalletjie beman waar kerrie en rys en tuisgebakte koekies verkoop is. 'n Welkome bedrag is vir die gemeente ingesamel.

Op 9 November het die **Goue Gerwe**, wat Donderdae vir Bybelstudie vergader, die jaar met 'n heerlike ontbyt in die lieflike tuin van 'n plaaslike eetplek afgesluit. Die Goue Gerwe, sowel as die Sondagaand Bybelstudiegroep, het Job afgehandel en die Psalms kom nou aan die beurt.

Op Saterdag 18 November was dit **verbondsonderrigafsluiting** en dooplidmate het 'n vrolike piekniek met 'n waterglybaan en heerlike eetgoed in die kerk se tuin geniet. Die volgende dag het die kinders hul erkennings ontvang. Die prysuitdeling het plaasgevind ná die nagmaaldiens en voor die nagmaalete. Die ete het weereens smullekker geregte gehad (soos net die AP Kerk se susters dit kan doen!) en die tafels was vindingryk versier.

Op 26 November het die jaarlikse **Kerssangdiens** aan die beurt gekom. Vanjaar was die tema "Die Heiland is gebore". Die voorlesings, Kersliedere en Woordverkondiging het op 'n besondere manier 'n eenheid gevorm.

Die week daarna, op 2 Desember, was dit die **senior lidmate** se beurt om aan te meld vir 'n oggend waartydens hulle op die hande gedra is. Speletjies, grappe, samesang en ernstiger oomblikke het elk 'n beurt gekry. 'n Voortreflike ete is bedien en daar was geleentheid om foto's te neem en gesellig te verkeer.

Die gemeente het reeds vanaf September koekies en lekkers ingesamel vir **minderbevoorregte kinders**. Die skenkings is deur 'n paar susters verpak en versier. Op 12 Desember is 19 pakkies koekies en lekkers by 'n huis van veiligheid in die omgewing afgelewer, tot groot vreugde van die ontvangers.

16 Desember 2023 was 'n mylpaal vir die AP Kerk Rustenburg: Ons eerste, eie **Geloftediens** is in ons kerk aangebied. Ds. Nico Grobler se boodskaptema was: "Moenie veragter in die genade nie." Oudl. Chris Bolton se feesrede het 'n oorsig oor die Bloedrivier-gebeure gegee sowel as bemoediging vir die toekoms. Daarna is verversings in die saal geniet. Die saal en die kerk was op toepaslike wyse versier met pragtige uitstallings. Die beplanningskomitee was optimisties en het besluit om voorbereidings te tref vir 50 mense. Daar was 54 mense teenwoordig, waaroor ons baie dankbaar is.

Micky Badenhorst


*Handwerkoggend*


*Goue Gerwe*


*Verbondsonderrigprysuitdeling*


*Senior lidmate se ete*


*Minderbevoorregte kinders*


*Die broodtafel ná die diens*

**Selfsorgakkommodasie met:**
Saal, herberg, kothuise en kampstaanplekke.
NUUT: 4x4-baan, bergfiets- en wandelroetes.
Ideaal geleë op die N11, 3 ure vanaf Pretoria.

MAJUBA 1881

**Skakel Theuns Snyman by 079 274 7978**

**Kasteelsig Gastehuis**
**Pretoria**
**Umgeni straat 366, Erasmuskloof**
±1 km vanaf N1-Snelweg / Naby Kloof hospitaal
**Vir besprekings skakel/whatsapp Nico: 071 619 9756**

**IS JOU REKENAARBEGROTING BEPERK?**

Ons verkoop opgeknapte ("refurbished") rekenaars, skootrekenaars en bedieners. Alle opgeknapte rekenaars het 'n waarborg vir een jaar. Ons koerier landswyd!

**Kontak Pieter by 083 214 3521 of pieter@activepc.co.za**

**AP KERKDASSE**

Wit kerkraaddasse @ R120
10 en 20 jaar gedenkdasse ook beskikbaar op navraag

**VIR BESTELLINGS**
kontak Sonja Horn
Tel 015 2988028
Faks 0865305709

e-pos: pietersburg@apk.co.za

Posgeld en verpakking sal bepaal word met bestelling
**Kantoorure:** Maandae tot Vrydae: 08:00 tot 13:00

**Oornagverblyf Kroonstad**
2 Gemeubileerde kamers met beddegoed
15 kamers met 2 beddens elk en ablusiegeriewe, asook karavaanstaanplekke.
Kan ook groepe van ongeveer 70 persone huisves.
Volledig toegeruste kombuis op aanvraag beskikbaar.
Kontak Annette Kok by 079 768 0525 vir verdere navrae of besprekings.

**PRETORIA**
**OORNAG WOONSTEL**

Rustig en skoon. Naby N1, Menlyn Mall en vyf hospitale. Selfsorg.

Kontak Rosi by 082 748 5042

# AP KERK LEONARDVILLE 2024 BAKKIETOER

Moeg om ingeperk te voel? Maak jou vriende bymekaar, stof die kamppeergoed af en kom geniet die buite- en plaaslewe saam met AP Kerk Leonardville.

**WAT BIED ONS JOU?**
- Verblyf, aandete en ontbyt vir 8 nagte.
- 'n Besoek aan die Kalahari, Swartrante en die Namib.
- Toer word aangebied vanaf 1 April tot 30 November 2024. Kies 'n datum wat jou pas.

**KOSTE:**
- N$3200,00 per persoon vir 8 dae
- Kinders onder 12 jaar betaal halfprys.

**BESPREKINGS:**
**Bennie Cornelissen by bennie.cornelissen@gmail.com of**
**Martin Verwey by martin@namibrand.org**

**AP KERK WITRIVIER**

## Ses-en-dertig jaar van genade

Ons gemeente is geleë op Kleinbegin, Witrivier. Die kleinhoewe se naam is so geregistreer na aanleiding van 'n gedig van Peter Blum, "Aftelrympie". Die eerste strofe begin soos volg: "My plaas se naam is Kleinbegin / met God se hulp sal ek oorwin." In al die jare, sedert die begin van ons gemeente, het die Here ryklik voorsien.


*Die Bybel in Afrikaans*

## Die Bybel in Afrikaans

Ons vier die herdenking van die Bybel in Afrikaans met 'n interessante uitstalling van ou Bybels en ander oudhede. So gedenk ons ook die helde in die geskiedenis van ons volk. Ons feesviering het 'n teelepeltjie-ete en 'n heerlike saamkuier ingesluit, waarin ons jeug ook 'n groot aandeel gehad het.


*Gesellige teelepeltjie-ete*

## Belydenisklas 2023

Gedurende Oktober het ons 'n geslaagde belydenisklaskamp gehad. Dit was 'n verrykende ervaring vir almal wat dit bygewoon het. Op Sondag 5 November het die belydenisaflegging plaasgevind.

Op die foto (regs onder) vlnr: Oudl. Jurie Venter, Martin Zeelie, Zander Viljoen, Bianca Bence, Ruan Kruger, ds. Olof van Rooyen, Luan Gouws, Marli Scott, oudl. Coenie Pretorius


*Belydeniskamp*

## Oase se inwyding

Ons wy ons Oase in met ons Kerssangdiens en 'n saamkuier daarna. Soveel stof tot dankbaarheid. Die Here is goed vir ons gemeente. Hy het voorsien.


*Belydenisaflegging*

Ds. Olof van Rooyen

BLOEMFONTEIN OORNAGWOONSTEL

• Ruim luukse oornagwoonstel met eg Suid-Afrikaanse gasvryheid • Veilige parkering • Skoon, netjies • Kleur TV • Stil en rustige atmosfeer

Tel: (051) 522-6035 / Sel: 082 726 9959

SUIDKUS – MARGATE

Loopafstand van hoofstrand.
2 Slaapkamers (slaap 6). See- en branderuitsig vanaf balkon. 2 x onderdakparkering.

Skakel Liezl vir tariewe: 082 311 9210 of skakel of sms Thys: 082 921 1922



# Burgersdorp se Nederlandse taalmonument – Dr. Pieter Mulder[1]

**Die enigste monument ter wêreld vir die Nederlandse taal, staan 10 000 km vanaf Nederland op Burgersdorp in die Oos-Kaap. Waarom so 'n monument daar, van alle plekke?**

Vir bykans 150 jaar was Nederlands die amptelike taal in die Kaap. Nadat die Britte die Kaap met geweld in 1806 oorneem, begin die nuwe Britse bewindhebbers om die Kaap te verengels. Die Britse meerderwaardigheid was duidelik uit hul beskrywing van Engels as die nuwe "progressiewe taal van beskawing". Engels was skielik die regeringstaal op alle vlakke. Daarna is skole verengels. In kerke was daar nog weerstand om Hollands te behou. Jaarliks het Lord Charles Somerset, as Britse goewerneur, 'n groot bedrag vir salarisse van predikante aan die NG Kerk as 'n tipe staatskerk betaal. Die versoek daarmee saam, was dat daar in Engels gepreek word. Toe dit nie orals slaag nie, word Skotse predikante ingevoer om die nodige verengelsing te doen. Teen 1834 was 12 van die 22 NG predikante Skotte.

Teen hierdie agtergrond skryf CP Hoogenhout in daardie tyd:

*Engels! Engels! Alles Engels!*
*Engels wat jy sien en hoor;*
*In ons skole, in ons kerke word ons moedertaal vermoor.*

*"Dis vooruitgang!" roep die skreeuers, "dis beskawing wat nou kom!"*

*Dié wat dit nie wil gelowe, dié is ouderwets en dom."*

As gevolg hiervan het baie Kaapse Afrikaners reeds in 1836 noordwaarts vertrek as deel van die Groot Trek. In die nuwe Transvaalse en Vrystaatse republieke was Nederlands die amptelike taal. Die Afrikaners wat in die Kaap agtergebly het, het met hul identiteit as Nederlands-Afrikaanssprekendes onder Britse gesag geworstel. Hulle is met reg beskryf as "Queen Victoria se Afrikaners". Hulle was gesteld op Nederlands as kerktaal, maar Engels was vir hulle 'n maatstaf van sukses en 'n simbool van kultuur en beskawing. Hulle was ook trots om deel van die "magtige Britse Empaaier" te wees.

'n Interessante voorbeeld van hierdie tyd se twee soorte Afrikaners is Boomplaats teenoor Victoria-Wes. Dieselfde tyd wat die Vrystaatse en Transvaalse Afrikaners by Boomplaats teen die Britte om hul vryheid en onafhanklikheid veg, stig die NG Kerk van die Kaap nuwe gemeentes noord van Beaufort-Wes. Die Afrikaanse kerkraad van een van hierdie Kaapse gemeentes besluit toe om hul lojaliteit te wys deur die nuwe gemeente en dorpie in 1843 na die Britse koningin, Victoria, te noem (vandag steeds so bekend).

Jan Hofmeyr, bekend as "Onze Jan", was een van die leiers van die Kaapse Afrikaners. Hy het gepleit vir die herstel van Nederlands in die staatsadministrasie op gelyke vlak met Engels. Onze Jan het geglo dat Afrikaans te swak en minderwaardig was om as instrument teen die magtige Engelse taal te gebruik. Ander Kaapse Afrikaners het geglo Hollands gaan nie bly staan teen Engels nie omdat die meeste mense dit nie meer gepraat het nie. Hulle wou Afrikaans ontwikkel tot 'n vlak waar dit met Engels kon meeding. So ontstaan die Genootskap vir Regte Afrikaners (GRA) in 1875. Vir hulle was daar drie soorte Afrikaners in Suid-Afrika: Afrikaners met Engelse harte, Afrikaners met Hollandse harte en regte Afrikaners met Afrikaanse harte. Oor die Afrikaners met Engels harte skryf Eugene Marais in Transvaal: "... nog nooit iets laer of gemener gesien as 'n Engelsgesinde Afrikaner wat sy moedertaal – die taal deur sy vaders gepraat – verag." Hy noem hulle "jingo-Afrikaners".

In 1854 word Engels as die enigste amptelike parlementêre taal verklaar. Jy kon slegs parlementslid word as jy Engels goed magtig was. In 1856 weier die parlement dat JA Kruger, parlementslid van die gebied waarbinne Burgersdorp val, Nederlands in 'n toespraak praat. Burgersdorp het hierna, sonder

Vervolg op bl. 32 ››



# "Vat vir jou 'n slukkie"

**Pieta Oosthuizen**

Ek kan nie glo wat ek hoor nie! Maar daar skort niks met my ore nie. En as my ore my dalk bedrieg, sien ek dit tog met my eie oë. Die spreekwoord sê mos immers "sien is glo", al glo 'n mens nie altyd wat jy sien nie! Oorkant my aan die tuintafel is 'n pa besig om sy 18 maande oue dogtertjie bier uit sy bierglas te laat drink! Gulsig drink die mondjie sommer 'n hele paar slukkies van die Heineken Draught. Ligvoets spring sy dan van pa se skoot af om verder saam met haar boeties in die swembad te baljaar.

Langs hom knip die ma nie 'n oog en verroer nie 'n vinger nie. Sy hou aan met gesels asof dit die natuurlikste ding op aarde is. Dit pla skynbaar niemand anders rondom die tafel nie, want geen haan kraai daarna nie. Vir my grief dit egter tot in my siel. Wat help dit die ma was 'n geheelonthouer tydens haar swangerskap en terwyl sy die baba geborsvoed het, en nou doen sy mee om die fraaie klein blondekoppie so vroeg te leer bier drink?

## 'n Drinkkultuur

Ek kan nie help om te wonder hoe ons ou volkie in hierdie drinkkultuur beland het nie. Bykans nêrens kan 'n mens vleisbraai, visvang, jag of enige ander sosiale funksie bywoon sonder drank nie. Kyk maar net na die foto's wat ná hierdie geleenthede uitgestal word. Daar is altyd 'n bottel bier of 'n glas drank in die hand. Die ergste is dat ouers saamwerk om hierdie gevestigde drinkkultuur in ons samelewing verder te verstewig. Gedurigdeur word bloedjies van jongs af deur pa en ma se toedoen, of met hul medewete, op bier, wyn en sterk drank grootgemaak.

## Ons voorbeeld

"Pappa, Boetie het vandag so hard in die tuin gewerk. Verdien hy nie 'n biertjie saam met jou by die braai nie?" Of, "Sussa het so 'n mooi rapport huis toe gebring. Is sy nie al oud genoeg vir 'n glasie wyn om dit mee te vier nie?" Watter voorbeeld stel ons vir ons minderjarige kinders? Dat fisiese harde werk met drank beloon en sukses altyd met drank gevier moet word! Verbied die skool dan nie drankgebruik deur leerlinge nie? Normaalweg word leerlinge eers 18 in matriek. Is dit nie ook teen die wet om drank aan persone onder 18 te verkoop nie? Waarom wil ouers daardie ouderdomsperk en selfs die landswette tuis oortree deur die drankgebruik van hul minderjarige kinders goed te keur en selfs aan te moedig? Is dit omdat die samelewing so 'n hoë premie plaas op "saam drink" om "in te wees"?

## Ouerhuis, skool en kerk

Onthou tog dat die ouerhuis, die skool en die kerk 'n onbreekbare ketting in die opvoeding van ons kinders is. Sukses kan slegs behaal word wanneer dieselfde opvoedingswaardes wat aan moedersknie by die huis geleer word, ook weeksdae by die skool ingeskerp en Sondae by die kerk verder bevestig word. Moet Pa en Ma nie juis die skoolhoof se hande hierin sterk om by die huis daarop te let dat hul kinders nie op 'n te jong ouderdom aan drank blootgestel word nie? Is dit nie dalk wensliker om die ouderdomsperk vir alkoholgebruik, soos in sommige ander lande, na 21 te verhoog nie?

## Leer of keer slukkies hulle?[1]

Dit is die groot vraag wat ouers moet beantwoord en hieroor bestaan uiteenlopende menings. Watter boodskap word uitgedra wanneer ek vir my 16-jarige 'n bier in die hand stop of 'n drankie skink? Wat van 'n klein lekseltjie soetwyn vir die jonger kinders tydens die feesmaal op spesiale geleenthede? Die pappa wat vir sy blondekoppie 'n slukkie van sy bier aanbied? Is dit 'n goeie voorbeeld van

verantwoordelike drankgebruik of leer jy jou kind drink? Watter voorbeeld stel ons as volwassenes tydens groot sportbyeenkomste, manneaande en rampartytjies, waar die drank vrylik vloei? Om van huweliksonthale nie eers te praat nie. Geen wonder dat Suid-Afrika die sesde grootste alkoholverbruiker ter wêreld is nie.[2] "Dè, drink saam as jy 'n man is." Klink dit bekend? Asof drank ooit manwees kan definieer!

### Nie alles is nuttig nie

Is dit dan sonde om alkohol te gebruik? Nee, stellig nie. Christus het self tydens die bruilofsfees te Kana in Galiléa water in wyn verander. Definitief die lekkerste wyn wat ooit op aarde gemaak is! Die Woord van die Here spreek egter baie duidelik tot ons: *Alles is my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie; alles is my geoorloof, maar ek sal my nie deur iets laat oorheers nie* (1 Kor. 6:12). Ook nie deur dronk te word en van myself 'n spektakel te maak en vir ander mense tot aanstoot te wees nie. *Moenie dronk word van wyn nie – daarin is losbandigheid; maar word met die Gees vervul* (Efés. 5:18).

### Liewe Pa en Ma

- Ons het minder gesprekke oor matige drinkgewoontes met ons kinders nodig; ons het meer ouers nodig wat deur hul eie verantwoordelike drinkgewoontes die regte voorbeeld stel.
- Ons het minder wette in Suid-Afrika nodig om drankgebruik te reguleer; ons het meer ouers nodig wat Bybelse waardes uitleef en van geslag tot geslag aan hul kinders oordra.
- Om te drink, maak nie van jou 'n man nie.
- Dit is 'n skande om dronk te word.
- Gebruik God se woord as rigsnoer vir die opvoeding van jou kinders. Jy sal nooit spyt wees nie.

1. Nortje, Michelle, "Tieners op tiermelk: Wat ouers moet weet," rooirose.co.za, 6 Desember 2023.
2. "Tieners en alkoholmisbruik," Jou Gesin/ Solidariteit Wêreld.

«Vervolg vanaf bl. 30

## Burgersdorp se Nederlandse taalmonument

sukses, 'n geveg met petisies op tou gesit dat Nederlands wel as parlementêre taal erken word.

Onze Jan is intussen tot Kaapse parlementslid verkies. Hy veg agter die skerms dat Nederlands weer in die Kaapse parlement gepraat kan word. In 1882, ná amper 30 jaar, slaag hy daarin. Uit blydskap oor dié sukses vier Burgersdorp fees en word daar besluit om 'n monument aldaar op te rig om hierdie belangrike oorwinning van Nederlands in die parlement te herdenk. Baie mense het die feestelike inwyding van die monument in 1893 bygewoon. Onze Jan was een van die sprekers. Oom Daantjie van den Heever, een van die leiers van die beweging, het 'n perdekommando van 500 ruiters die dorp ingelei.


Die monument is 'n lewensgrootte beeld van 'n vrou met 'n los kleed om haar. Die beeld is in Italië van carraramarmer gemaak. In haar linkerhand hou sy 'n tablet vas waarop die woorde: "Vryheid voor de Hollandsche taal" uitgegraveer is. By haar voete is daar 'n lam en 'n paar druiwetrosse. Dit beeld die vernaamste landbouprodukte van die Kaap uit – wyn en vleis.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) het Britse soldate die beeld berekend beskadig omdat dit 'n simbool van die "Boere" was. Die kop en arm is afgebreek en dit is later van die voetstuk afgestoot. Ná die oorlog het Lord Milner, as die nuwe Britse goewerneur, die beeld heeltemal laat verwyder. Die Burgersdorp-inwoners was baie kwaad, maar magteloos. As deel van die versoeningspogings ná die oorlog, vra Burgersdorp se mense dat die Britte die beeld terugbesorg. Omdat die oorspronklike beeld nie opgespoor kon word nie, het die Britse owerheid in 1907 'n replika laat maak en dit op dieselfde kerkplein op Burgersdorp opgerig.

In 1939 is die oorspronklike beeld toevallig, honderde kilometer daarvandaan, in King William's Town gevind en opgegrawe – steeds sonder kop en arm. In die gees van die 1938-1939 Groot Trek-herdenking en ontwakende Afrikanernasionalisme, is die beskadigde beeld na Burgersdorp teruggebring en net so langs die ander een opgerig. Op hierdie wyse dra die twee beelde langs mekaar tot vandag 'n sterk anti-Britse boodskap oor.

Kyk ons vandag na die aanslag teen Afrikaans, is daar baie ooreenkomste met vervloë jare. Daar is vandag weer jingo-Afrikaners. Gelukkig is daar ook Afrikaners met Afrikaner- en Boereharte wat bereid is om vir die soveelste keer die geveg vir Afrikaans te veg.

**PRYS:** R190





Ná sy opstanding het die opgestane Here Jesus Christus veertig dae gebruik om sy dissipels oor die dinge van die koninkryk te leer (vgl. Hand. 1:3). Hy het hulle verstand geopen om te verstaan dat die Skrifte in Hom vervul is (vgl. Lk. 24:44-45).


Die bepalings van die Ou Testamentiese sabbat is in Christus se verlossingswerk volbring. Sonder begrip hiervan kan ons een van twee foute begaan: óf ons word Sabbatariërs, óf ons verontagsaam die vierde gebod.

Christus se vervulling van die Tien Gebooie beteken nie dat Hy dit kom afskaf het nie. As deel van die wet is die vierde gebod daarom nog van krag. Deur sy sondelose gehoorsaamheid het Hy die inhoud daarvan verwerklik. Die eerste Adam het gruwelik misluk; die tweede Adam het die nuwe verbond oorwinnend ingestel. Die oue is verby; die nuwe het aangebreek.


Hierdie boek beskou die vierde gebod (die sabbatsgebod) vanuit die hoek dat die Tien Gebooie steeds op die kerk van toepassing is, maar vestig die aandag op die middelaarskap van Christus.




**PRYS:** R235




**PRYS:** R130





**PRYS:** R110

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# #WAARDESWATWERK

Roeping • Getrouheid • Geloof • Uitnemendheid • Nederigheid

## Solidariteit Helpende Hand fokus op **vyf** kernwaardes:




## Is **JY** bereid om 'n **verskil** in iemand se lewe te maak?

Sonder huiwering **Ja!**

WWW.ONDERSTEUNONS.CO.ZA